BEN VILJOEN

# BULLETIN

KWARTAAL 1

2025



WWW.BENVILJOEN.CO.ZA 013 262 2061 BVADMIN@BENVILJOEN.CO.ZA @HS_BENVILJOEN

# 78 JAAR VAN HOËRSKOOL BEN VILJOEN

In die hartjie van die Loskopvallei is 'n skool omring deur berge, bome en rivierstrome. 'n Skool so eie en uniek aan die omgewing dat mens nie anders kan as om trots te voel nie.

Met 'n terrein van net oor die 68 hektaar en 'n lieflike uitsig wat die essensie van die Loskopvallei vasvang, is Hoërskool Ben Viljoen ook die tuiste van menigte fauna en flora.

Vir die afgelope 78 jaar staan ons skool soos 'n trotse monument van die ywer en volharding wat dit geverg het om hier 'n skool op te rig vir die gemeenskap, te midde van die ongetemde landskap, met leeus wat nog in 1932 nie eers 16km van Groblersdal af, beeste gevang het en malaria wat in 1944 nog 95% van die bevolking platgetrek het.

Hoërskool Ben Viljoen is op 21 Februarie 1947 geopen as 'n junior hoërskool met Dr. H.P. van Coller as eerste permanente hoof, agt personeellede en 185 leerlinge in Graad 8-10, oorgeplaas vanaf die Groblersdalse Laerskool (vandag bekend as Laerskool Julian Muller). Gedurende Februarie 1948 word die skool vernoem na mnr. B.J. Viljoen, destydse kringinspekteur, as waardering vir sy ywer vir die uitbreiding van die skoolgeriewe vir die bosveldkind. In Augustus 1948 is goedkeuring verkry vir die instelling van 'n Graad 11 klas vanaf 1949 en het die eerste groep van 14 leerlinge in 1950 die matriekeksamen geskryf. Sedertdien het Hoërskool Ben Viljoen aanhou groei op elke moontlike terrein

Ons bedank elkeen wat die afgelope 78 jaar sy of haar krag en talente gewy het aan die skool: elke leerling, ouer en onderwyser wat betrokke is en was en sodoende Ben Viljoen uitgebou het tot een van die top skole in ons land. Laat dit wat ons bereik het 'n inspirasie wees vir dié wat nog hulle pad hier moet loop.

*"Kom Maat en Vriend kom vat my hand;*
*Ons dien een volk een Vaderland;*
*En is Ons Werk Ons Eer,*
*Wen ons die oes wat ons begeer!"*

**1947**
- Op 21 Februarie 1947 word die skool geopen met Dr HP van Coller as skoolhoof, te same met 185 leerlinge in die junior hoër afdeling

**1948**
- Gedurende Februarie word die skool vernoem na mnr. B.J. Viljoen, kringinspekteur, as waardering vir sy ywer vir die uitbreiding van skoolgeriewe vir die bosveldkind

**1948**
- Die eerste Standerd 9-klas bestaan uit nege seuns en twaalf dogters
- Die eerste skoollied word deur Mnr CF Rudolph geskryf

**1950**
- Die eerste Standerd 10-klas bestaan uit nege seuns en vyf dogters

**1951**
- Ons verwerf volle status as 'n Hoërskool op 1 Januarie
- Ons eerste jaarblad as volwaardige hoërskool verskyn
- 'n Skoolvlag en vlagpaal word geskenk deur Mnr J Steenkamp

**1954**
- Mnr. A.J Combrink neem pligte as hoof oor
- Die skoolkleurbaadjie word op 1 November in gebruik geneem en is donker bottelgroen met ou-goud en wit strepe

**1955**
- Die eerste skoollied word ingebruik geneem

**1956**
- Ten aanskoue van personeel en leerders, word daar op 13 November vir die eerste keer water in die skool se swembad getap

**1957**
- Die skool en koshuise sluit vir die eerste keer by die munisipale kragbron aan

**1959**
- Die seunskoshuis se hoeksteenlegging vind plaas

**1960**
- Op 8 Augustus word die nuwe voorgestelde skoollied voorgelê vir goedkeuring. Die toonsetting is gedoen deur Me Anna Rudolph en die woorde geskryf deur haar man, Mnr CF Rudolph, 'n oud-onderwyser wat vanaf 1947-1952 verbonde was aan die skool.

**1961**
- 'n Snoepwinkel word oopgemaak
- Daar word vir die meisieskoshuis 'n derde klavier op 'n Rand-vir-Rand basis aangeskaf

**1962**
- Ons ontvang inheemse bome vanaf die provinsiale tuinraad. Onder andere Maroela en Apiesdoringbome word langs die kanaal geplant. Ons ontvang ook: Kaapse Kastaiing, Rooi ivoor, Boerboom en die Huilboom

**1963**
- Mnr Willa Hefer neem die leisels as skoolhoof oor
- Die matriekgroep bestaan uit 82 leerders, en skenk as afskeidsgeskenk 'n skoolwapen van mosaïek aan die skool

**1965**
- Die skooldrag word ingebruik geneem
- Ons eerste rugbyspan wen die Administrateursbeker

**1968**
- Ons vier ons 21ste bestaansjaar – tydens hierdie viering word die borsbeeld van Mnr BJ Viljoen, kringinspekteur, onthul
- Die eerste langspeelplaat in die geskiedenis van die skool word gemaak van Melinda (operette)
- Die Ben Viljoener, skoolkoerant, verskyn vir die eerste keer op 18/10/68 en kos slegs 2c

**1969**
- Die Skoolfondskomitee koop 'n Austin skoolbus aan vir die roete tussen Groblersdal en Vaalfontein

**1971**
- Mnr Wynand de Jager word aangestel as die nuwe skoolhoof

**1972**
- Op 11/8/72 vind die inhuldiging van die gedenkplaat in die tuin voor die saal plaas. Die funksie word waargeneem deur Dr AL Kotzee – die direkteur van Onderwys

**1973**
- Ons behaal 'n tweede plek tydens die tuis interhoër. Die velde word gebrand met diesel om droog genoeg te wees vir deelname na 'n goeie bui reën
- Ongeveer 356 inheemse bome word deur ouers, leerlinge & personeel aangeplant

**1975**
- Ons wen die Bosveld Interhoër op Potgietersrus by Hoërskool Piet Potgieter (475 punte teenoor Hoërskool Nylstroom met 388.5 punte). Ons atlete verower ook ses uit die nege interhoërbekers

**1977**
- Hokkie word as sport ingestel

**1982**
- 'n Gimnasium vir die leerders word geinstalleer in die ou skoolsaal

**1985**
- Die atletiekinterhuis kleurspan indelings verander na A-G (Geel) H-S (Groen) R-Z (Wit)

**1986**
- Daar word 'n boorgat geboor langs die sementpad op pad na die koshuise en pomp fasiliteite is geinstalleer. Op 17/9 pomp dit 1200 gallon/uur

**1989**
- Die musieksentrum word gebou
- Die Administratieweblok se gedenkplaat word op 5 Augustus onthul

**1992**
- Mnr Gert Vogel word aangestel as skoolhoof
- Vanaf 1 Augustus val ons onder die kategorie Model C-skool
- Die Prefektekamer word ingebruik geneem
- Die pad langs die saal word geplavei en die swembadvloer word geverf

**1993**
- Die hoofhek se pad word geplavei
- Die leuse vir 1993 is "Gee Gas Ben Viljoen" – G vir Gees, A vir Akademie en S vir self-dissipline

**1995**
- Die oorgangsbrug by die kanaal word verbreed
- 'n Nuwe interkom- en telefoonstelsel word geinstalleer
- Rekenaarwetenskap word as vak gevestig en ons verkry tien rekenaars
- Die krieketblad word uitgebou tesame met drie oefenhokke. 'n Boulmasjien word ook aangekoop
- Vyf Bosvaderlandswilgebome word suid van die houtwerksentrum geplant.
- Mnr Fred Potgieter word aangestel as die waarnemende skoolhoof

**1996**
- Die skool word erken as 'n parallel-medium skool

**1997**
- Die skool vier 50 jaar met 'n tuis Interhoër
- Die elektrisiteitstelsel sowel as die kleedkamers op die sportterrein word opgegradeer
- Die rekenaarsentrum word op 24 Oktober in gebruik geneem en ons spog met die mees modernste en nuutste rekenaars in die ganse Mpumalanga in die Rekenaarvaardigheid-vak
- Landbouwetenskap word as vak ingestel
- Dogtersmuurbal kom tot stand

**1998**
- Die skool ontang 'n borg vanaf Nissan, in terme van 'n Uno wat as skoolkar benut word
- Vir die eerste keer is ons 'n matrieknasiensentrum

**1999**
- Mnr André Franken word aangestel as skoolhoof
- Die spreiligte word vir die eerste keer tydens die interhuis atletiekbyeenkoms aangeskakel, terwyl die inwyding plaasvind tydens 'n middag/aand byeenkoms op 5 Februarie
- 500 stoele word vir die saal aangekoop
- Die opknapping van die saal vind plaas in terme van nuwe gordyne, verf en kleedkamers wat opgeknap word
- Gimnasiumapparate word aangekoop en geïnstalleer in die seunskoshuis se groot studiesaal
- 'n Groot swemgala vind plaas vir die inwyding van die veranderde swembad

**2000**
- Hotelbestuur en Spyseniering word vir die eerste keer as vak aangebied
- Visuele Kuns word as 'n sewende vak ingestel
- Die Tuinboukomitee gradeer die skool se tuine op
- Die eerste top 10 uitstappie vir die Top 10 leerders in elke graad vind plaas

**2001**
- Die hoof se kantoor en administratiewekantoor word oorgedoen
- Twee rekenaars word in die konferensielokaal geïnstalleer waarop personeel kan werk
- Internet word op een rekenaar geïnstalleer en die skool kry sy eerste e-pos adres: benvilj@lantic.net

## 2001

- Die eerste Pa en Seun-aand vind plaas
- Dogters mag voortaan langbroeke in die winter dra
- Die eerste Ma en dogter-aand vind plaas
- Die skool kry nuwe sportdrag vir wintersport wat tydens die eerste wedstryd teen Rheynopark gedra word
- Die skool se webblad word deur Me Magda Luus ontwikkel
- Minister Kader Asmail besoek die skool
- Hoërskool Ben Viljoen word deur die Pumas aangewys as die rugbyskool van die jaar
- Die ou-huishoudkunde klas word omskep in 'n volwaardige restaurant

## 2002

- Die skool ure verander en die skool kom op 13:05 uit, selfs op Vrydae
- An'Joris Appetit Restaurant word in gebruik geneem tydens die openingsfunksie
- Die Engelse deel word by die skoollied gevoeg

## 2003

- Mnr Albert Swaters word aangestel as skoolhoof
- Instelling van "Ticket to Walk"
- 'n Palisade heining by die swembad word opgerig
- Atletiekdrag word deelgemaak van die graad 8's se inskrywingspakket

## 2004

- Die eerste uitgawe van die Ben Viljoen Bulletin verskyn
- Die leessentrum tree in werking en die Media Sentrum skuif na kamer 15
- Die Sentrum vir Berading en Remediëring skuif na die ou-musieksentrum.
- Die A-hokkieveld kry spreiligte
- Ons spog met 'n totaal van 84 rekenaars in ons rekenaarklasse
- Ons word nog 'n rekenaarsentrum ryker en bied aan: Rekenaarstudies, Rekenaar-tegnologie en die E-School program

## 2005

- Die inwyding van die opgegradeerde koshuiskombuis vind plaas
- Die snoepie verskuif
- Die instelling van die VLR (nou UR) Kamer bekend as klits-en-klets-kamer
- Die bou van inligtingsborde by die ingang
- 'n Nuwe besproeiingstelsel vir die hokkievelde
- Die eerste Sportweek word aangebied
- 'n Nuwe watersuiweringstelsel word in die personeelkamer se kombuis geïnstalleer
- Swart serpe word as deel van skooldrag deur die Beheerliggaam goedgekeur

## 2006

- Boomhuis Seunskoshuis spog met 'n nuwe naambord
- Die ossewa wat agter die saal gestaan het, word herstel en verskuif na voor die koshuise

## 2007

- Die nuwe spreiligte word ingewy op die dag waarop ons die interhoër aanbied. Die deelnemende skole is Hoërskool Generaal Hertzog, Hoërskool Hoogenhout en Hoërskool Middelburg

## 2007

- Die Boomhuis tradisie Stryd van die Reuse/ Battle of the Giants word ingestel, waar inwoners in graadverband teen mekaar kompeteer op verskillende gebiede.

## 2008

- Ons eerste atletiek interhoër as deel van die Limpopo-provinsie word bygewoon
- Die nuwe skietbaan is in aanbou
- Hoërskool Ben Viljoen word vir die eerste keer genooi na Euriade wat by 'Euregio Charlemagne', die grensstreek van Duitsland, België en Nederland plaasvind.

## 2009

- Ons word aangewys as die nommer ses beste skool in Limpopo volgens 'n artikel 'The Top 100 Schools' wat op 18/10/2009 in die Sunday Times verskyn. Die rang word bepaal deur die matriekslaagsyfer, universiteitstoelating, aantal matriekonderskeidings sowel as die Wiskunde- en Wetenskap gemiddeld
- Loskop Gimnasium open
- Ons word aangewys as die Mees Innoverende skool in Limpopo tydens 2009 en kwalifiseer vir die 'Mees innoverende instansie in Limpopo'-kompetisie

## 2011

- Die geld wat vanjaar ingesamel is met die graad 8-konsert word gebruik om 'n sitbank te bou vir die matrieks op die matriekgrasperk
- Boomhuis Seunskoshuis se badkamer word opgeknap en ingewy
- Die SAOU vereer die skool vir uitnemendheid ten opsigte van transformasie en nasiebou, Mnr Albert Swarters word ook vereer vir uitnemende leierskap

## 2012

- Die eerste Spelling Bee vind plaas waar die vyftig beste Afrikaans en vyftig beste Engelse spellers sake uitspook.
- Die liedjie van die jaar is Dallerhart
- Die skoolure verander weens die nuwe kurrikulum wat gevolg word en is 06:55-13:30

## 2013

- Kyknet se Top 10 Skole besoek die skool, en die uitsending is op 29 Julie 2013
- Die tuin voor die skoolsaal word opgegradeer
- Tydens 2013 se provinsiale onderwystoekennings verwerf Mnr Louis du Preez die toekenning vir 'Excellence in Technology enhanced teaching' en Mnr Albert Swaters 'n tweede plek in 'Excellence in Leadership'

## 2014

- Die 51ste Bosveld Interhoër vind op ons tuisveld plaas.
- HBV Radio word deur Mnr Louis du Preez begin

## 2015

- Applaus Kleinteater open op 19/02
- Die inwyding van die huisbak word behartig deur Mnr Charles Rossouw
- Die Tina Cowley Leessentrum heropen

## 2016

- Ons ontvang nege skootrekenaars vanaf die Department omdat ons Wiskunde en Wetenskap uitslae van die matrikulante van 2015 die beste uitslae in Limpopo is

## 2016

- "Die skolier-vlieënier en hommeltuigbeheer program" word aangebied in samewerking met I-Flight Aviation

## 2017

- Op die eerste skooldag ontvang ons 'n besoek deur die burgermeester van Groblersdal en Sekhukhune se distriksraadhoof
- Die 70-jaar feesviering van die skool vind op 6 Mei plaas in die vorm van 'n bring en braai
- Die eerste rugbyspan se kleedkamers word opgegradeer deur Amper Alles

## 2018

- Bok en Biltongaand word aangebied by die DLU Saal as fondsinsameling vir die kafeteria. Die eregaste sluit in: Jannie de Beer, Dawie Spies, Vleis Visagie en Jaco van der Westhuyzen

## 2019

- Die Old Boys Classic Gholfdag word aangebied by Groblersdal Gholfklub en sluit bekendes in soos Wynie Strydom, Jaco van der Westhuyzen, Marnus Uijs, Victor Matfield, Philip (Draadkar) de Lange en Dawie Spies
- 'n Prysskietuitdaging vind plaas waar van ons personeellede teen die skool se skietspan deelneem
- Die fondsinsameling in die vorm van die Plaveiselprojek vind plaas
- Ben's Kafeteria word op 9/4/2019 geopen
- Ons verwelkom ons nuwe adjunkhoof: Mnr John Smith vanaf Hoërskool Hoogenhout in Bethal

## 2020

- Die Minister van Onderwys in Limpopo, Me. Polly Boshielo, besoek die skool om die hard werkende leerders en onderwysers te prys vir die ongelooflike matriekuitslae wat verlede jaar behaal is.
- Die Covid-pandemie slaan alle sportsoorte en sosialebyeenkomste hok. Skole word toegemaak en 'n vlak 5 grendelstaat geld vanaf 26 Maart tot 30 April 2020 waarna die vlakke gewissel het tot vlak 3 aan die einde van Desember. Alle vakke kry groepe op Whatsapp waarop daar skool gehou word
- Met die beskikbaarstelling van die posvoorsieningsskaal deur die Departement van Onderwys het ons Maandag, 12 Oktober 2020, die amptelike skrywe gekry wat bevestig dat ons een van ons doelwitte bereik het deur die opgradering na P4-status (grootskool-status) en is ons aantal departementele poste vanaf drie-en-twintig vermeerder na vyf-en-twintig.

## 2021

- Mnr John Smith word in Februarie aangestel as die nuwe hoof
- Die Drama departement kry nuwe rostrums
- President Cyril Ramaphosa land op ons rugbyveld en word ontvang deur Mnr John Smith, Berno Beukes (hoofseun), Bob Kekana (onder-hoofseun) en Nicole van der Westhuyzen (hoofdogter) In die Beeld-koerant van 24 Mei verskyn die foto en artikel
- Ons plant die Kruis van Hoop by die kanaalbruggie
- Die skoolterrein word opgegradeer
- McGee Ford borg nuwe krieketnette en 'n verwelkomingsmuur

## 2021

- Ons tuine word oorgedoen
- Dogterskrieket word heringestel
- Die nuwe verwelkomingsmuur word bekendgestel en is geborg deur McGee Ford, Mnr en Mev Kotze, JoJo Tanks en Mnr en Mev Geyser

## 2022

- Die jaarlikse tuis atletiekbyeenkoms wat aan die begin van Februarie plaasvind word vernoem na me Elbé Pretorius
- Die damespersoneel se badkamers word opgegradeer
- Die opgradering van die hokkiehuisie vind plaas
- Goldwagen Groblersdal borg splinternuwe hoekvlaggies vir die hokkievelde
- Tydens die Sekhukhune-Suid Departementele Prysuitdeling word ons aangewys as nommer een in die kategorie 'Top Presterende Skool' tydens 2021 en verwerf ook die toekenning vir die nommer een posisie in die kategorie 'Skool wat tydens die afgelope drie jaar (2019-2021) die beste presteer het in Kwintiel 4-5'
- Die eerste dogtershokkiespan ontvang 'n nuwe doelwagterstel geborg deur NTT Toyota Groblersdal
- Boomhuis seunskoshuis se eetsaal is opgegradeer
- "Vrystaat" ondergaan 'n gedaante verwisseling

## 2023

- Ons spog met 'n splinternuwe skoolbussie
- Bennie die Uil-gelukbringer word aan die skool en gemeenskap voorgestel
- Vir die eerste keer in 9 jaar bied Hoërskool Ben Viljoen weer die Bosveld interhoër aan!
- Ons netbalbane word opgegradeer
- 'n Geel fotoraam word voor Ben's Kafeteria opgerig met 'n uitsig oor die sportvelde
- Boomhuis Seunskoshuis spog met nuwe borde sowel as nuwe koshuisdrag
- Die eerste Mnr en Mej Koshuis
- 14 hektaar onbewerkte land op ons skoolterrein word omskep in 'n gemeenskapsboerdery
- Ons skoolsaal word opgegradeer
- Die manspersoneel se badkamer word opgradeer
- Die skool het 'n Witolienhoutboom ontvang vanaf Afriforum tydens Boomplantmaand
- Op 22 September om 08:36 het die eerste water in ons opgradeerde swembad begin in tap
- @groengees op Instagram word geskep deur die Uitvoerende Raad

## 2024

- Die Provinsiale Vlak 1 swemkampioenskappe vind op ons terrein plaas
- Opgradering van die dogtersbadkamer in Huis Cherié.
- Voedselverkope binne die skoolterreine van alle skole in Limpopo word tydelik opgeskort deur die Departement op 28 Oktober

# MESSAGE FROM OUR HEAD BOY

Welcome back to every teacher, learner and Governing Body member.

We are facing a busy year and, without a doubt, will tackle it with everything we have. I hope you had a nice and peaceful holiday and are full of new energy and courage for the year ahead.

It's a new beginning, a new chance to learn, grow, and support each other. To the learners: I trust you are excited to gain new knowledge, make new friends and take on the classroom with more adventure. Remember, every day is a chance to learn something new!

To the teachers: Thank you so much for your dedication and hard work. I know you are the light that helps learners reach their full potential, and we appreciate everything you do.

I know Ben Viljoen is a school that focuses on promoting and supporting every learner so that every learner reaches new heights and we, as a school, are going to do that again this year.

May the year be full of success and every challenge be something we can overcome together as a team.
Let's keep on dreaming, learning, and working together to make this year the best one yet! Good luck to all!



**Joe Cloete**

# BOODSKAP VAN ONS HOOFDOGTER


Dit is `n voorreg om Mnr John en elke personeellid terug te verwelkom vir nog `n nuwe skooljaar, ons hoop dat julle die welverdiende ruskans saam met geliefdes terdeë geniet het. Baie welkom ook aan elke nuwe personeellid wat aangesluit het by Ben Viljoen, mag dit die begin wees van baie trotse Ben Viljoen-dae.

Welcome back to all returning and new students, I hope you`ve had a restful and rejuvenating break, and are ready to take on the challenges and opportunities that 2025 will bring.

Met `n groot opgewondenheid sê ons hallo aan al ons nuwe uiltjies. Hierdie is die eerste kwartaal van hoërskool, die eerste van al jou nuwe avontuur. Dit is `n tyd om blywende vriendskappe te bou, nuwe uitdagings aan te pak, nuwe onderwerpe te verken en sommer baie nuwe herinneringe te maak. Die pad is nie altyd maklik nie, maar vat dit een hoofstuk op `n slag en skryf jou bladsye vol - moenie dat geleenthede verby gaan nie. Neem deel aan alles, probeer alles en onthou - Moenie vandag se besluit môre berou nie. Sprei jou vlerke en dra jou wapen met trots, Ben Viljoen Trots.

Welcome to the class of 2025. A Bittersweet first day for all of us. Our last first day of school. We started off our high school journey in 2021, scared but excited for what laid ahead of us, and now we are busy writing that final high school chapter. I hope that each one will have a year filled with no regrets, a year for big dreams toward a future, and a year to do everything for the last time. Remember that our greatest weakness lies in giving up. The most certain way to succeed is always to try just one more time. Make this a year to remember.

Mnr John, personeel en elke leerling van Ben Viljoen, mag ons in God vertrou om elkeen se pad te verlig en om elkeen te lei met elke tree wat ons gee in 2025. Mag dit `n jaar wees van onvergeetlike hoogtepunte, `n jaar van baie TROTSE BEN VILJOEN-dae.



**Kyra Hancke**



# HET JY AL DIE UILE GESIEN?

Weens die ligging Hoërskool Ben Viljoen in die hartjie van die bosveld, is hier 'n wye verskeidenheid voëlspesies te sien op ons terrein. Op ons skoolwapen pryk daar immers 'n gevlekte ooruil.

Op 6 Februarie was beide ons leerders en personeel verras om drie jong gevlekte ooruile in boom by die vierkant te sien. Min het hulle geweet dat hierdie drie jong uiltjies eintlik net nuuskierig is oor hoe ons goed atlete en gees regtig is!

Uile hou vir sommige mense 'n soort misterie in, vir ander bygeloof, maar vir meeste ander mense net onbekendheid en onkundigheid. Die feit dat hulle hoofsaaklik in die nag beweeg en net per geleentheid gesien of gehoor word, lê aan die basis hiervan.

Die gevlekte ooruil (Bubo africanus) is die tweede grootste uil in Suid-Afrika en kom regoor die land voor. Die meeste is gryserig, en word onderskei deur onder andere die afwesigheid van donker borsvlekke, aanwesigheid van fyn dwarsstrepe op die pens en sye, sowel as hulle geel oë. Hulle benut 'n wye verskeidenheid van spesies as prooi en tot 60 verskillende prooispesies is al aangeteken.
Hierdie spesie is van mediumgrootte met die kenmerkende "ore" van ooruile. In werklikheid is dit verepluise wat so regop staan – die uil se ore is onder die verekleed bedek en laer af langs die kop.

Hulle word tussen 43 en 47 cm hoog en kan tot 700 g weeg. Waar gevlekte ooruile 'n suksesvolle nesplek gevind het, gebruik hulle gewoonlik dieselfde plek jaar na jaar, soms vir dekades.

Eiers word in die laat winter tot lente in Suider-Afrika (Augustus tot Oktober) gelê, maar hulle maak selde meer as een broeisel groot. Daar is 2–4 eiers in een broeisel, en broei eers na 32–34 dae uit. Daar is gewoonlik twee kuikens in een broeisel, soms drie en selde vier.

Pas uitgebroeide kuikens is bedek met wit dons. Hulle oë is toe gedurende hul eerste week. Na die tweede week het hulle 'n dikker tweede laag gryserige dons en die eerste vere begin uitkom.



Die wyfie verlaat selde die nes gedurende die eerste twee weke, met die mannetjieuil wat al die kos verskaf. Vanaf die derde week bring die wyfie minder tyd in die nes deur en begin die mannetjie met die jag help. Al is sy nie altyd meer in die nes nie, is sy nooit ver van haar kuikens af nie en is altyd op haar hoede en sal sy afstorm op enigiets wat hulle bedreig.

Die kuikens kan staan wanneer hulle drie weke oud is en meer aktief en avontuurlik raak en op die nesplek begin ronddwaal. Die kuikens verlaat die nes wanneer hulle sowat ses weke oud is, maar hulle kan nog nie vlieg nie. Hul vlerkvere is goed gegroei, hul stertvere is omtrent die helfte van die finale lengte en daar is nog dons op hul borskant en koppe.
Hulle kan vlieg en hul eie prooi vang wanneer hulle sewe weke oud is.

Nadat hulle die nes verlaat het, bly die kuikens in die omgewing van die nesplek en hul ouers gaan voort om hulle te voer totdat hulle vir hulself kan sorg.

Hulle is eers ten volle onafhanklik wanneer hulle ongeveer vier maande oud is, en omstreeks hierdie tyd beweeg die jong uile weg van hul ouer se gebied om 'n gebied van hul eie te vind.

Jong uile kan 'n paar dosyn of 'n paar honderd kilometer van hul geboorteplek af beweeg voordat hulle hul eie gebied vind om in te vestig. Die uile is volwasse op een jaar oud en hierdie voëls kan 11–12 jaar lank leef.











# MATRIEKUITSLAE 2024

Ons weet almal dat grondpaaie baie keer lei na teerpaai - teerpaaie na hoofpaaie en hoofpaaie na die beste bestemmings! Ons wil vandag graag ons dank uitspreek teenoor elke onderwyser/opvoeder wat deel was van hierdie reis tot aan die einde van 2024. Hierdie reis sou dalk nie so maklik gewees het sonder julle ondersteuning en insette nie.

In die eerste plek is ons dankbaar vir die fondament wat die ouers en laerskole gelê het in die lewens van die matrikulante van 2024. Matriekuitslae begin nie in gr. 8 of in gr. 1 nie, maar by ouers en familie wat reeds van geboorte af hulle kinders by die huis stimuleer. Speelskooltjies wat daagliks kleuters leer en stimuleer om leergierig te wees, speel 'n belangrike rol. Die voedingskole van Hoërskool Ben Viljoen doen 'n uitstekende werk!



Hierdie leerders se lewenspaaie was verseker gevul met die regte padwysers, padkaarte en 'n goeie kompas vir leiding. Die fondasie en avonture langs elkeen se lewenspaaie, die harde werk en tyd, wat elkeen ingesit het, dien saam tot die sleutel vir sukses.

136 leerders het die eksamen voltooi. Die matrieks van 2024 het uitstekende uitslae gehad. 77% het vir Baccalaureus-graadstudies gekwalifiseer. Hoërskool Ben Viljoen is baie trots op hierdie leerders wat met 'n matriekslaagsyfer van 95.5% hulle hoërskoolloopbaan vaarwel geroep het. Die totaal onderskeidings staan op 108.



Baie geluk aan elke matrikulant wat hul paspoort na die grootmenswêreld ontvang het. Mag julle pad vorentoe voorspoedig wees en mag julle deursettingsvermoë ontvang om jul drome na te jaag en te bereik. Hou aan om te leef en te groei!

# TOP PRESTEERDERS



ANABEL AGUINAGA
9 A'S



INGRID LESSING
7 A'S



KAI GERBER
7 A'S



PABI KGOLANE
6 A'S



TOLU ALESINLOYE
5 A'S



LEANÉ JV RENSBURG
5 A'S



JAYMÉ PRETORIUS
5 A'S



HENRI VD MERWE
5 A'S



MARICE DE JAGER
4 A'S



MAPHUTI NGOEPE
4 A'S



SHAAKIRA SALIE
4 A'S

**3 A'S** Emma Kotzenberg, Bohlokwa Molemane, Mieke Oosthuizen, Isma Mallo, Danélle o' Connell en Nadine Pretorius

**2 A'S** Vanessa da Silva, Keamogetswe Moema, Neo Mokwana, Elrie Muller en Cecilia Venter

**1 A** Lexi Buchler, Anelia de Jong, Kagiso Khobotle, Gustav Klingbiel, Jacqueline Knox, Izaan Kotze, Logan Malan, Malebo Mathebe, Christel Mcloen, Bertha Mokwena, Nthepha Mothiba, Bradley Nhika, Lesedi Nkambula, Mihlali Ntlebi, Matabane Sekhukhune, Nicole Snygans, Bianca Stevenson, Xander Theunissen en Surita Veldman








# NSS-MATRIEKEKSAMEN HERMERK

Hoërskool Ben Viljoen se matriekgroep van 2024 het reeds skitterend gevaar tydens die 2024 matriekuitslae, maar die hermerk van vraestelle en hereksamens, wat onlangs afgehandel is, het weereens bewys dat Ben Viljoen een van die top akademiese skole in Limpopo is!

Met 'n addisionele drie onderskeidings, spog ons klas van 2024 nou met 'n totaal van 111 onderskeidings wat gedurende die NSS-eksamen verwerf is.

Isma Mallo verwerf 'n addisionele onderskeiding en spog nou met vier onderskeidings, terwyl Elrie Muller nou met drie onderskeidings spog. Anelia de Jong verwerf ook 'n addisionele onderskeiding wat haar totale onderskeidings op twee laat staan.

Ook die vakonderskeidings het gestyg:
Lewensoriëntering: vanaf vier-en-twintig onderskeidings na vyf-en-twintig onderskeidings
English First Additional Language: vanaf veertien onderskeidings na vyftien onderskeidings
Besigheidstudies: vanaf twee onderskeidings na drie onderskeidings

# DALLER IS TOP MATRIKULANT IN INLIGTINGSTEGNOLOGIE

Tydens die provinsiale prysuitdeling wat by The Ranch in Polokwane plaasgevind het, is Kai Gerber aangewys as die provinsie se top leerder in Inligtingstegnologie na die NSS-eksamen waar hy 'n gemiddeld van 94% in hierdie vak verwerf het.

Hy slaag ook die NSS-eksamen met 'n totaal van sewe onderskeidings. Dit is die eerste keer sedert 2018 wat 'n leerder van Hoërskool Ben Viljoen met hierdie gesogte Inligtingstegnologie-toekenning wegstap.

Kai studeer vanjaar Digitale Animasie (motion design) in Kaapstad.



Kai Gerber

# DALLERS BY DISTRIKSPRYSUITDELING

Die Sekhukhune-Suid distrik se uitnemendheids-prysuitdeling het op Vrydag, 14 Februarie, in Potgietersrus (Mokopane) plaasgevind.

Rorisang Masemola, Kyra Hancke en Legoadi Nkadimeng word as, onderskeidelik, die top drie leerders in die Groblersdalkring aangewys gebasseer op hulle graad 11-finale eksamenpunt. Rorisang verwerf 'n eerste plek, met 'n gemiddeld van 89.1%, terwyl Kyra 'n tweede plek verwerf met 'n gemiddeld van 84.00%. Legoadi Nkadimeng verwerf 'n derde plek met 'n 81.7% gemiddeld.



# BEN VILJOENERS BLINK UIT TYDENS DISTRIKSPRYSUITDELING!

Die Sekhukhune-Suid distrik se uitnemendheidsprysuitdeling het Vrydag, 14 Februarie 2025, plaasgevind en die Dallers het behoorlik skoonskip gemaak met die toekennings!

**Sewe van ons personeellede stap weg met die toekenning as beste onderwyser in hulle onderskeie vakgebiede:**

Me Hannelie Erasmus - Engels Huistaal
Me Iea Meyer - Afrikaans Eerste Addisionele Taal
Mnr Johan Cronje - Elektriese Tegnologie
Me Marianda van Jaarsveld - Rekenaartoepassingstegnologie en Inligtingstegnologie
Me Rina Greyling - Afrikaans Huistaal
Mnr Rudi Viljoen - Landbou Tegnologie
Mnr Thinus Marais - Meganiese Tegnologie





# NUWE PERSONEEL

Hoërskool Ben Viljoen is opgewonde oor die nuwe personeel wat in 2025 hul individuele kennis en passie op ons terrein gaan uitleef. Ons het die jaar afgeskop met die verwelkoming van VYF nuwe personeellede by die wenspan!

Mag jou Ben Viljoen-ervaring die toon aangee vir 'n suksesvolle en ewigdurende onderwysloopbaan. Saam verf ons in 2025 die wêreld groen en goud.

Me Anzia Viljoen en Me Clarissa Kruger het in die Afrikaanse departement aangesluit, waar Me Viljoen betrokke is by die Afrikaans Eerste Addisionele Taal-klasse, terwyl Me Kruger in die Eerste Addisionele Taal-klasse, sowel as in die Huistaalklasse haar stempel afdruk. Me Jaydine Cairncross het in die Ekonomie departement aangesluit, waar sy in beide Besigheidstudies en Rekeningkunde haar kennis met die leerders deel. Mnr Paul Kruger leef sy passie uit in die Wiskunde Geletterdheidklas, asook in Lewensoriëntering. Mnr Christo van Jaarsveld het by die Uduxo-klasse aangesluit waar hy Rekenaartoepassingstegnologie en Landbou Tegnologie vir die graad 10-12 leerders aanbied.


















# AKADEMIESE PRYSUITDELING

Die akademiese prysuitdeling van verlede jaar se graad 8-11 leerders het op Woensdag, 12 Maart 2025, plaasgevind.

Baie geluk aan elke leerder wat erkenning gekry het by die prysuitdeling. Die skool en die gemeenskap is opreg trots op julle. Julle ken beslis die waarde van die volgende wyse woorde: Die hysbak na sukses werk nie, jy sal die trappe moet klim.

**DUX-leerders:**
Graad 8: Monique Viljoen
Vakprestasies: Afrikaans Huistaal, Kreatiewe Kuns, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, English First Additional Language, Natuurwetenskap, Sosiale Wetenskap en Tegnologie

Graad 9: Marnu Hancke
Vakprestasies: Afrikaans Huistaal, Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe, English First Additional Language, Lewensoriëntering, Wiskunde, Natuurwetenskap en Sosiale Wetenskap

Graad 10: Jaun Roos
Vakprestasies: Wiskunde, Fisiese Wetenskap, Toerisme en Ingenieursgrafika- en ontwerp

Graad 11: Rorisang Masemola
Vakprestasies: Afrikaans Eerste Addisionele Taal, Rekeningkunde, Lewensoriëntering, Fisiese Wetenskap, Wiskunde en Lewenswetenskappe

**Tweetaligheidtoekenning:**
Graad 8: Monique Viljoen
Graad 9: Marnu Hancke
Graad 10: Jaco van der Westhuyzen
Graad 11: Rorisang Masemola

# AKADEMIESE PRYSUITDELING

**Ons wil graag hiermee ons opregte dank uitspreek vir die onmisbare ondersteuning wat ons ontvang het tydens die prysuitdeling. Julle insette en bydraes maak 'n groot verskil by Hoërskool Ben Viljoen: Mnr & Mev J Patricio, M van Eeden Rekenmeesters, Oasis Groblersdal (Mnr & Mev van Emmenis), Qembu / Chery Groblersdal, AFGRI (Mnr Lessing), Mnr & Mev N Grundling en 'n anonieme borg.**

**Graad 8 (2024):**
Akademiese Erekleure:
Fransien Myburg en Monique Viljoen
Akademiese Semi-Erekleure:
Jaun Bouwer
Vakprestasies:
Fransien Myburg: Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe, Wiskunde en Tegnologie

**Graad 9 (2024):**
Akademiese Semi-Erekleure:
Jaydéne Cloete, Anika Pruis, Marnu Hancke en Katinka Wessels
Vakprestasies:
Eléne Botes: Afrikaans Huistaal
Tswanelo Machacha: Sosiale Wetenskappe
Anika Pruis: Afrikaans Huistaal
Blessing Ratau: Engels Huistaal en Tegnologie
Meladi Ratau: Afrikaans Eerste Addisionele Taal
Katinka Wessels: Kreatiewe Kuns

**Graad 10 (2024):**
Akademiese Erekleure:
Lesego Mthembu, Jaun Roos en Jaco van der Westhuyzen
Akademiese Semi-Erekleure:
Isabel Aguinaga, Dian du Preez, Danelle Hall, Bokang Masemola, Moshopiadi Nchabeleng en Gideon van Niekerk
Vakprestasies:
Wihan Alberts: Meganiese Tegnologie
Dian du Preez: Geskiedenis en Inligtingstegnologie
Chenél Grundling: Dramatiese Kunste
Carel Klingbiel: Wiskundige Geletterdheid
Jadin Klopper: Tegniese Wiskunde en Tegniese Wetenskap
Johandré Klopper: Meganiese Tegnologie
Jacobus Lewies: Landbouwetenskap
Charmaine Masombuka: Besigheidstudies
Lerato Mokwana: Geografie en Dramatiese Kunste
Lesego Mthembu: Rekeningkunde, Lewenswetenskappe en Afrikaans Eerste Addisionele Taal
Moshopiadi Nchabeleng: Visuele Kunste en Engels Huistaal
Annemay O' Connell: Elektriese Tegnologie
Christi Patricio: Verbruikerstudies
Khologelo Rampedi: Dramatiese Kunste
Jaco van der Westhuyzen: Lewensoriëntering, Rekenaartoepassingstegnologie en Afrikaans Huistaal
Gideon van Niekerk: Engels Eerste Addisionele Taal

**Graad 11 (2024):**
Akademiese Erekleure:
Kyra Hancke, Nomthandazo Mabuza, Rorisang Masemola, Aneesha Mathew, Mashoto Moela en Michelle Nkadimeng
Akademiese Semi-Erekleure:
Ané Botha, Joe Cloete, Maggie French, Carmen Labuschagne, Risuna Maakana, Elandré Mallo, Hlaudi Mashiloane, Neo Mogowe, Merie Muller, Simoné Theron en Chanté van Aswegen
Vakprestasies:
Ankia Blok: Visuele Kuns
NJ de Wet: Landboutegnologie
Kyra Hancke: Rekenaartoepassingstegnologie en Afrikaans Huistaal
Carmen Labuschagne: Toerisme en Geografie
Nomthandazo Mabuza: Engels Huistaal en Geskiedenis
Elandré Mallo: Ingenieursgrafika- en ontwerp
Hlaudi Mashiloane: Verbruikerstudies
Aneesha Mathew: Inligtingstegnologie
Katlego Moimana: Besigheidstudies
Simoné Theron: Engels Eerste Addisionele Taal
Chanté van Aswegen: Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika- en ontwerp
Ethan van Blerk: Wiskundige Geletterdheid
De-Wett van Lingen: Elektriese Tegnologie, Tegniese Wetenskap en Tegniese Wiskunde

**Erepenning:**
Jaco Pretorius



# WISKUNDE-DEPARTEMENT VIER PI-DAG OP 14 MAART

Jaarliks ,op 14 Maart (3/14), vier ons die wiskundige konstante π (3.14), 'n getal wat noodsaaklik is om sirkels, meetkunde en die heelal self te verstaan. Pi verteenwoordig die verhouding van 'n sirkel se omtrek tot sy deursnee, met 'n oneindige aantal syfers wat die desimale punt volg.
Vanjaar het ons Wiskunde departement 'n kompetisie onder die leerders geloots waar elke leerder van graad 8 tot 12 die desimale plekke van Pi geleer het en in toetsomstandighede moes neerskryf.

**In elke graad is daar wenners aangewys, wat as volg is:**
Graad 8: Lanél Coetzee en Madeeha Sayed (81 desimale)
Graad 9: Thatego Maupa (66 desimale)
Graad 10: Hanru van den Berg (76 desimale)
Graad 11: Candice Moshela (57 desimale)
**Algehele wenner:** Gabriella du Plessis (116 desimale)

'n Spesiale PI-severance toekenning word aan Danelle Hall gemaak wat 'n volle 120 desimale plekke van PI neergeskryf het.












# VERTEENWOORDIGENDE LEERLINGRAAD 2025

Die VLR vir 2025 se Graad 9-12 klasse is onlangs aangekondig.
Baie geluk aan die volgende leerlinge, ons glo en vertrou dat julle op alle terreine sal hard werk en 'n goeie voorbeeld sal stel vir almal rond om julle.







# AFRIKAANSE SPELKOMPETISITE

Die jaarlikse Afrikaanse Spelling Bee het op 11 Maart plaasgevind, en die woorde het behoorlik in die lug rondgevlieg. Vanjaar het die leerders in spanverband deelgeneem - met twee spanne per graad. Die Graad 8-spanne was Die Bytjies en die Boombye, terwyl die Graad 9's Meksikobytjies en Spel-of-word-Geskel was. Die Buzzing Bees, asook Timmy en sy Fairies was die Graad 10-spanne, met die Graad 11 Willehonne en die Dassies wat hulle spelvernuf kom uittoets het. Die Stingers en die Spelling Kanaries was die Graad 12-spanne wat al vroeg in die kompetisie mekaar die opdraende stryd begin gee het. Huis Cherié se personeelspan, oftewel die Spelling Cherries, het gewys dat onderwysers KAN spel en sommer lag-lag al die moeilike woorde reggespel.

Vanjaar se Spelling Bee was opgedeel in vier rondtes: in rondte een het elke deelnemer 'n spelwoord gekry wat hulle moes neerskryf met die korrekte spelling, in rondte twee moes elkeen 'n woord hardop-spel voor die gehoor, rondte drie was "SNEL-SPEL" waar elke groep 'n toeter gehad het en die groep wat eerste druk die woord hardop kon spel vir punte. Rondte vier was die mees veeleisende rondte, oftewel die finaal. Tydens die finaal het die Willehonne (Graad 11's) en die Stingers (Graad 12's) sake uitgespook vir die prysgeld, en die Stingers het as oorwinnaars uit die stryd getree.







# GRAAD 10-LEERDERS VOLTOOI ROBOTIKA-KURSUS

Ons graad 10 Inligtingstegnologie-leerders het hulle probleemoplossing, patroonherkenning-en instruksievolg-vaardighede opgeskerp deur 'n Robotikakursus te voltooi op die Tankstoep gedurende klastyd. Hierdie leerders het tot by vlak 15 voltooi, en sal vlak 16 tot 35 voltooi wanneer hulle programmeringsvaardighede verder gevorder het.







# Wen jou Wetenskap en Wiskunde

**Graad 10 tot Graad 12 Wiskunde:**

- Vraestelle met Memo's @ R130
- Nifty Notas @ R130

**Vat die volledige Wiskunde Pakket vir slegs R240**

**Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap:**

- Nifty Notas @ R130
- Flashy Flitskaarte @ R70
- Vraestelle met memo's @ R130

**Vat die volledige Wetenskap Pakket vir slegs R300**

Afleweringskostes @ R120




# Win your Science and Maths

**Grade 10 to Grade 12 Maths:**

* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

Gr 10 Science Packs are busy brewing!!!

**Grade 11 to Grade 12 Science pack:**

* Snazzy Summaries @ R130
* Flashy Flashcards @ R70
* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

**All the Science goodies @ R300**

Courier Costs @ R120

**https://wenwetenskap.co.za**

**Helena - 0845103373**

**hverwey@absamail.co.za**




# AKADEMIESE TOP 10-UITSTAPPIE

Akademie vorm die hoeksteen van elke skool, en dit is jaarliks ons voorreg om hierdie hardwerkende leerders, wat deel van die Top 10-vorm, uit te nooi na die Top 10-uitstappie wat oor twee dae strek.

Vanjaar het die akademiese Top 10 van 2024, vanaf 26-28 Januarie, behoorlik uitgerus van alle akademiese stres deur in Badplaas tuis te gaan.







# INTERNE REDENAARS

Die interne redenaars het op 24 Februarie 2025, plaasgevind. Met voorbereide toesprake, het ons junior sprekers die temas Klatergoud, Vergelyk en Mengelmoes aangedurf, terwyl ons seniors met die temas Debakel, Agenda en Wentelbaan, hulle uitstekend van hulle taak gekwyt het deur met hulle toesprake insig te bied deur die oë van 'n tiener.

Baie geluk aan die wenners:

**Junior Huistaal Onvoorbereid**
❶ Lanél Coetzee
❷ Cari Kotze

**Senior Huistaal Onvoorbereid**
❶ Anika Pruis
❷ Chanté van Aswegen
❸ Emmarentia Janse van Rensburg

**Senior Eerste Addisionele Taal Onvoorbereid**
❶ Nomthandazo Mabuza

**Junior Eerste Addisionele Taal Voorbereid**
❶ Tebogo Mathunyane

**Junior Huistaal Voorbereid**
❶ Emma-Lee van der Westhuyzen
❷ Cari Kotze
❸ Monique Viljoen

**Senior Eerste Addisionele Taal Voorbereid**
❶ Thato Kekana
❷ Nomthandazo Mabuza
❸ Thumi Mphahlele

**Senior Huistaal Voorbereid**
❶ Jaco van der Westhuyzen
❷ Ellené van der Westhuyzen
❸ Anika Pruis


























# GRAAD 8'S SPOG MET NUWE BEN VILJOEN-HOEDJIES

Ons Graad 8-uiltjies is amptelik by die skool verwelkom. Met senuweeagtige gesiggies het hulle die skoolhekke betreë en sommer vinnig tuis begin voel. Hulle spog ook vanjaar met splinternuwe Ben Viljoen "bucket hats" wat hulle met trots tydens sportbyeenkomste kan dra.

Ons bedank graag Rooiblom Landgoed, JQ Spares en Dr CH Hancke vir die borgskap van hierdie pragtige hoedjies.



# GRAAD 8 KLOKLUI-SEREMONIE

In pure Hoërskool Ben Viljoen tradisie het die Graad 8-leerlinge (Uiltjies) op Dinsdag, 4 Maart 2025, die voorreg gehad om hulle hoërskoolloopbaan op 'n gepaste wyse te begin deur die klok vir die eerste keer te lui.

Die klokluiseremonie verwelkom elke leerder as deel van die Ben Viljoen-familie waar hulle tuis kan voel. Tesame met die graad 8-leerders, het ons nuwe personeel wat gedurende 2025 by ons aangesluit het, ook die voorreg gehad om die klok te lui.

Graad 8's - julle is aan die begin van 'n nuwe hoofstuk in julle skoolloopbaan. Die pad vorentoe is onbekend, maar julle staan aan die stuur van die nuwe fase in julle skoolloopbaan, mag julle geseënde tye ervaar en herinneringe bou wat vir 'n leeftyd sal hou.

Na afloop van hierdie seremonie, is ons graad 8-uiltjies nou volwaardige Ben Viljoen-leerders en het elke leerder hulle Graad 8-balkie ontvang.















# OPEDAG 2025

RESPEK – VERANTWOORDELIKHEID – OMGEE – INTEGRITEIT – LOJALITEIT




## HOËRSKOOL BEN VILJOEN

**16 Mei 2025**

- **10:00** - Skooltoere en aktiwiteite
- **14:00** - Koshuistoere
- **16:00** - Ouerinligtingsessie

*Ons Werk - Ons Eer*



Die toonaangewende parallelmedium hoërskool waar leerders in 'n veilige en waardegedrewe omgewing in hulle totaliteit kan ontwikkel.

Maak jou keuse uit 16 verskillende keusevakke met 'n trotse tradisie van uitnemende onderwysers wat leerders voorberei vir die lewe na skool

Ons Werk - Ons Eer

Hoërskool Ben Viljoen, Groblersdal

WWW.BENVILJOEN.CO.ZA 013 262 2061 BVADMIN@BENVILJOEN.CO.ZA @HS_BENVILJOEN

# WIT BALKIES VIR AGT LEERDERS


By Hoërskool Ben Viljoen word ons leerders se betrokkenheid beloon met 'n balkie wanneer hulle 25 positiewe punte of meer in 'n jaar verwerf.


Deur die loop van die jaar kan leerders op verskeie terreine punte verwerf om in aanmerking te kom vir hierdie balkies waarvan die kleure volgens die aantal punte verskil.

Wanneer leerders egter dissiplinêre punte verwerf, verloor hulle een positiewe punt vir elke tien dissiplinêre punte.

Jaco van der Westhuyzen, Joe Cloete, Kyra Hancke, Francia Meiring en Emma Janse van Rensburg het saam met Tiago Fernandes, Monique Viljoen en Joe Ras vanjaar gekwalifiseer vir hulle witbalkies deur 25 punte te verwerf vir hulle betrokkenheid, deelname en akademiese prestasies!







# BORGSKAPPE MAAK ONS 'N WENSKOOL!

Ons wil graag hiermee ons opregte dank uitspreek vir die onmisbare ondersteuning wat ons sover tydens 2025 ontvang. Julle insette en bydraes maak 'n groot verskil by Hoërskool Ben Viljoen.

**Interhoër Sangspan en Dirigente:**
- Mnr Duard Bruwer
- Me Cornelda van der Westhuyzen
- Me Susan Botha
- Me Helgaleen Otty
- Me Lika Eksteen
- Me Michelle Engelbrecht
- Me Mercia Labuschagne
- Me Antascha Boucher

**Akademiese Prysuitdeling:**
- AFGRI
- M van Eeden Rekenmeesters
- Qembu / Chery
- Mnr en Mev Grundling
- Mnr en Mev Patricio
- Oasis Groblersdal

**Huis Cherié Dogterskoshuis:**
- Me Susan Botha
- Me Marlene Cloete

**Merksentrum 2024:**
- Mnr Diaan Ras

**Valentynsdagbederf:**
- Me Engela van Emmenis

**Netbal:**
- Oasis Water
- o.16 A- & B-span Watersakkies: Veronique van Blerk (Makarios Kleuterskool)

**Rugby:**
- PlusNet/Geotex - Shade Net
- Oasis Water
- Tyremart
- TWK Agri
- o.14A - Biobee
- o.16A - Herotel
- Eerste Span - Vleismark Groblersdal
- 2de Span truie: Oasis Groblersdal (Mnr Peet van Emmenis)
- 1ste Span broeke: Oasis Groblersdal (Mnr Peet van Emmenis)
- 1ste Span kouse: Loskop Valley Lodge (Mnr George Robbertse)
- CitraShine

**Tennisbaanborde:**
- Extreme Print & Design

**Graad 8-Uiltjiehemde:**
- Extreme Print & Design

**Uitvoerende Raad:**
- JFK Boerdery
- Marble Hall Apteek
- Me Diana Paissopoulos
- Me Hanlie van Aswegen
- Me Beula Britz
- Me Mercia Labuschagne

**Instandhouding**
- Mnr Marnitz du Plessis
- Mnr Donovan du Plessis
- Mnr Jaco van den Heever

**Interhoër Atletiekspan geskenksakkies**
- Oasis Groblersdal
- Vleismark
- Dr S Kruger
- Pharmacy @ Spar
- Beula Britz

**Bydrae t.o.v die Interhoër Atletiekspan**
- Vleismark Groblersdal
- Josh Plumbing
- Me Beula Britz
- Me Cornelda van der Westhuyzen
- Blinkwater Slaghuis
- Mnr Martin Augostine
- Blinkwater Vulstasie
- Me Anel Hancke

**Tweede Dogtershokkiespan:**
- WIPS
- 24Seven Logistics
- Alpha Agri
- M&M Diesel

**Eerste Dogtershokkiespan:**
- Me Yolande Geyser
- Marble Hall Apteek
- NTT Toyota Groblersdal
- Groblersdal Superspar
- AFGRI Equipment
- Olifantskonsultasiedienste
- Extreme Print
- Ezingweni Safari Lodge & Spa

# BORGSKAPPE MAAK ONS 'N WENSKOOL!

Ons wil graag hiermee ons opregte dank uitspreek vir die onmisbare ondersteuning wat ons sover tydens 2025 ontvang. Julle insette en bydraes maak 'n groot verskil by Hoërskool Ben Viljoen.

**Mooimaak van die netbalhuisie:**
- Me Mercia Labuschagne

**Netbalnaambord:**
- Grobler Vervoer

**Wedstrydballe vir die 2025-seisoen:**
- Groblersdal Motor & Diesel (Mnr Sarel Schoeman)

**Eerste Seunshokkiespan:**
- Qembu Groblersdal
- Vatikaki (Mnr & Mev Geyser)

**Eerste Netbalspan:**
- JAC Groblersdal
- Suzuki Groblersdal
- Bidvest McCarthy Groblersdal

**o.16 Rugbyspan Opwarmingshemde:**
- Extreme Clothing

**Grassnyer:**
- Mnr John Patricio - Groblersdal Spar

**Hokkieweekkouse:**
- JOJO Tanks

**Kaartmasjiene vir die NWU-reeks Semi-Finaal:**
- Altron Fintec




## BAIE DANKIE CAKES BY KAREN

Ons bedank graag Cakes by Karen (Mnr en Mev Oosthuizen) vir ons personeellede se spesiale bederf op hulle verjaarsdae. Elke personeellid ontvang 'n heerlike verjaarsdagkoek gebak deur Cakes by Karen. Dankie vir julle betrokkenheid by Hoërskool Ben Viljoen!



## BAIE DANKIE AFGRI EQUIPMENT

Ons eerste dogtershokkiespan bedank graag AFGRI Equipment vir die borgskap van hulle baadjies vir die 2025-seisoen. Ons dogters gaan spoggerig lyk!



## BAIE DANKIE ME DE MEYER

Ons eerste dogtershokkiespan bedank graag Me Marilyn de Meyer vir die borg van hulle waentjie. U ondersteuning maak 'n groot verskil! Ons waardeer u betrokkenheid by Hoërskool Ben Viljoen.




## BAIE DANKIE CITRASHINE

Ons bedank graag CitraShine vir die borgskap van rugbypaalbeskermers en hoekvlae. Dit is vir ons 'n groot voorreg om julle bankvas agter ons rugbyspanne te hê.

# BORGSKAPPE MAAK ONS 'N WENSKOOL!

Ons wil graag hiermee ons opregte dank uitspreek vir die onmisbare ondersteuning wat ons sover tydens 2025 ontvang. Julle insette en bydraes maak 'n groot verskil by Hoërskool Ben Viljoen.



## BAIE DANKIE GROBLERSDAL SPAR

Ons eerste dogtershokkiespan bedank graag Groblersdal Spar vir die borgskap van hulle wedstrydklere vir die 2025-seisoen. Ons dogters lyk spoggerig!




## BAIE DANKIE GMD

Ons bedank graag Mnr en Mev Schoeman van Groblersdal Motor & Diesel vir die borg van ons splinternuwe Living Ball-wedstrydballe by beide die rugby en netbal.



## BAIE DANKIE NTT TOYOTA GROBLERSDAL

Ons eerste dogtershokkiespan bedank graag NTT Toyota Groblersdal vir die borgskap van hulle wedstrydklere vir die 2025-seisoen. Ons dogters lyk spoggerig!





## BAIE DANKIE SPORTSWEAR

Baie dankie aan Stephanie van Sportswear Factory vir ons o.19-aflosspanne se ongelooflike mooi aflosdrag, en die rekordtyd waarin ons dit ontvang het!



## BAIE DANKIE QEMBU GROBLERSDAL

Ons eerste seunshokkiespan bedank graag Qembu Groblersdal en Vatikaki vir die borgskap van hulle wedstrydklere vir die 2025-seisoen. Ons seuns lyk spoggerig!

# BORGSKAPPE MAAK ONS 'N WENSKOOL!

Ons wil graag hiermee ons opregte dank uitspreek vir die onmisbare ondersteuning wat ons sover tydens 2025 ontvang. Julle insette en bydraes maak 'n groot verskil by Hoërskool Ben Viljoen.



## BAIE DANKIE AAN ONS TWEEDE SPAN BORGE

Ons tweede dogtershokkiespan bedank graag WIPS, 24Seven Logistics, Alpha Agri en M&M Diesel vir die borgskap van hulle wedstrydklere vir die 2025-seisoen. Ons dogters lyk spoggerig!




## BAIE DANKIE BIDVEST MCCARTHY

Ons eerste netbalspan bedank graag die Bidvest McCarthy Groep vir die borgskap van hulle wedstrydklere vir die 2025-seisoen. Ons dogters lyk spoggerig!



## BAIE DANKIE EXTREME PRINT & CLOTHING

Ons o.16 rugbyspan bedank graag Extreme Print en Clothing vir die borgskap van hulle opwarmingshemde vir die 2025-seisoen.

Afrifert

## BAIE DANKIE AFRIFERT

Ons bedank graag Afrifert vir die borgskap van botteltjies water vir die Eerste Dogtershokkiespan, sowel as die botteltjies water wat aangewend is tydens die UR Bal.

# GROBLERSDAL BIOKINETICS SERVICES



## WHAT IS A BIOKINETICIST?

A QUALIFIED HEALTH CARE PROFESSIONAL THAT AIMS TO IMPROVE QUALITY OF LIFE & PHYSICAL FUNCTIONING THROUGH SCIENTIFICALLY BASED EXERCISE PROGRAM PRESCRIPTION

## WHO CAN BENEFIT?



- INDIVIDUALS RECOVERING FROM INJURY/SURGERY
- INDIVIDUALS WITH CHRONIC DISEASES
- ATHLETES & SPORT ENTHUSIASTS
- ANYONE SEEKING HEALTH AND FITNESS IMPROVEMENT
- INDIVIDUALS SEEKING INJURY PREVENTION
- INDIVIDUALS WITH SEDENTARY / PHYSICALLY DEMANDING JOBS

## WHAT SERVICES DO WE OFFER?



- EXERCISE REHABILITATION
- CHRONIC DISEASE MANAGEMENT
- BIOMECHANICAL ASSESMENT
- PERFORMANCE ENHANCEMENT
- HEALTH AND FITNESS ASSESSMENTS
- WORK PLACE AND CORPORATE WELLNESS

## CONTACT INFO:


**Dominique Smith**
BIOKINETICIST

1 VOORTREKKER STR., H/S BEN VILJOEN
GROBLERSDAL, 0470

dominique.smith2002@yahoo.com

073 401 7718



# INTERHUIS ATLETIEBYEENKOMS

Vrydag, 24 Januarie 2025, het die interhuis atletiek plaasgevind. Ons atlete het behoorlik die baan aan die brand gehardloop en 'n paar rekords verbeter, waarvan een reeds vanaf 1972 staan en deur menigte van die ouergarde onthou word. Baie geluk aan ons atlete, julle harde werk word beslis beloon en ons sien uit na 'n wonderlike atletiek seisoen.

Die graadgroepe was vanjaar ingedeel in kleurverband waarna daar vier groepe dirigente vroegdag die skare vermaak het. Die graad 8's en graad 9's was saam deel van Amerika, terwyl die graad 10's hulleself in Sjina bevind het. Die graad 11's was die trotse verteenwoordigers van Frankryk met die graad 12's wat die groot gees van Brasilië aangevuur het. Die graad 9's was vanjaar die wenners van die grade-atletiek en het behoorlik feesgevier nadat hulle die trofee vanaf Mnr John Smith ontvang het.

Junior Victor Ludorum: Mondray Arendse
Junior Victrix Ludorum: Emma-Lee van der Westhuyzen
Senior Victor Ludorum: Marnu Hancke
Senior Victrix Ludorum: Kyra Hancke
Beste Junior Baanatleet: Emma-Lee van der Westhuyzen
Beste Junior Veldatleet: Emma-Lee van der Westhuyzen
Beste Senior Baanatleet: Jaco van der Westhuyzen
Beste Senior Veldatleet: Marnu Hancke

<u>Rekords:</u>
Jaco van der Westhuyzen: 100m seuns o.17 - 10.72
(vorige rekord: Kabelo Nyalungu - 11.23 in 2016)
Wihan Alberts: 100m seuns o.17 - 11.16
(vorige rekord: Kabelo Nyalungu - 11.23 in 2016)
Emma-Lee van der Westhuyzen: 200m dogters o.15 - 25.84
(vorige rekord: Nicole van der Westhuyzen - 26.21 in 2018)
Jaco van der Westhuyzen: 200m seuns o.17 - 22.06
(vorige rekord: Jaco van der Westhuyzen snr. - 23.00 in 1995)
Kadmiel Lotika: 400m seuns o.19 - 50.00
(vorige rekord: Rorisang Rammupudu - 50.12 in 2023)
Angelo Mtwazi: Verspring o.14 - 5.57m
(vorige rekord: Paul Coetzee - 5.52m in 2007)
Marnu Hancke: Gewigstoot o.16 - 15.58m
(vorige rekord: Danie Strooh - 15.43m in 2020)
Marnu Hancke: Diskus o.16 - 49.04m
(vorige rekord: Johan Helberg - 48.74m in 2024)
Kyra Hancke: Diskus o.19 - 33.69m
(vorige rekord: Cora Schoonbee - 33.08m in 1972)
Elsje Dippenaar: Spiesgooi o.14 - 29.61m
(vorige rekord: Nicola Andreka - 28.60m in 2017)














JOWA'S









PUMA



PRO NIKE

Casela

# Spoedvraat van formaat

In 1995, hardloop Jaco van der Westhuyzen snr. die 200m vir seuns o.17 in 'n blitsige tyd van 23.00. Baie Groblersdal- en Marble Hallers onthou hierdie wedloop goed aangesien dit 'n rekord is wat vir die afgelope dertig jaar gestaan het. Tydens Vrydag se Interhuisbyeenkoms verbeter Jaco van der Westhuyzen se seun, Jaco jnr., hierdie rekord van sy pa na 22.06.

Hierdie is egter nie die enigste rekord wat hy tydens die byeenkoms verbeter nie, hy verbeter ook Kabelo Nyalungu se o.17 seuns 100m rekord wat reeds vanaf 2016 staan. Die rekord wat vir die afgelope nege jaar agter Kabelo se naam geskryf was met 'n tyd van 11.23 staan vanaf Vrydag onder die naam J van der Westhuyzen met 'n tyd van 10.72.

Hy is egter nie die enigste spoedvraat in hierdie sportiewe familie nie. Sy sussie, Emma-Lee verbeter haar sussie, Nicole, se dogters o.15 200m rekord wat reeds vanaf 2018 staan. Nicole se tyd op die 200m was 'n blitsige 26.21, maar Emma staan vir niemand terug op die atletiekveld nie, nie eers vir haar sussie se rekord wat die afgelope sewe jaar staan nie, en hardloop die 200m in 'n tyd van 25.84




# Hoe vinnig is Jaco werklik?

Volgens die Wêreld Atletiekranglys vir die huidige 2025-seisoen (beskikbaar op: **https://worldathletics.org/.../100.../all/men/u18/2025...**) word die wêreld se vinnigste 100m vir seuns o.17, met 'n tyd van 10.21, gehou deur die 17-jarige Mukona Manavhela van die Suid-Afrika tydens 'n byeenkoms op 15 Maart 2025 op die Pilditch Stadion in Pretoria. Die kriteria vir die inagneming van hierdie opgestelde tye is dat die baan waarop daar deelgeneem word, 'n spesifieke akkreditasie benodig.

Tydens die Limpopo Atletiekkampioenskappe wat op die Oscar Mpetha-stadion van die Universiteit van Limpopo in Polokwane plaasgevind het, het ons eie Daller-Blitz, Jaco van der Westhuyzen, die o.17 100m in 'n tyd van 10.40 gehardloop wat hom dan, onoffisieël, die wêreldse tweede vinnigste tyd op die 100m vir seuns o.17 besorg.



DIE BURGER

## Jaco Jr. breek Jaco Sr. se 200 m-rekord van 30 jaar



# Bok se seun laat sy pa se rekord spat

netwerk24.com

Saterdag 1 Februarie 2025




# Observer DALLER

R2.00

Vrydag 31 Januarie 2025 | Tel: 013 262 4010



What happens when you don't advertise?
VERY LITTLE
Grow your business with us! Advertise here
CALL: 013 262 4010







# Kyra verbeter 53 jaar oue rekord!



Kyra Hancke het tydens Hoërskool Ben Viljoen se interhuis atletiekbyeenkoms die legendariese Cora Schoonbee se skyfwerp-rekord, wat reeds 53 jaar staan, verbeter! Dié o/19 skyfwerp-rekord is vanaf 33.08m (wat in 1972 opgestel is) na 33.69m verbeter.


Lees meer op bladsy 3





# Kyra verberter 53-jaar oue skyfwerp rekord

Menigte Dallers onthou die legendariese Cora Schoonbee wat tydens haar hoërskoolloopbaan beide gewigstoot en skyfwerp (diskus) rekords laat spaander het, soveel so dat haar o.19 skyfwerprekord nog tot Vrydag, 24 Januarie 2025, gestaan het.

Cora is ongelukkig gedurende 1975 in 'n tragiese motorongeluk oorlede, maar om hulde te bring aan hierdie merkwaardige atleet en haar rekords wat vir soveel jaar reeds staan, het ons met haar familie in kontak gekom om ons meer van haar te vertel.

Mathys Cornelia Schoonbee (Thysie), is gebore op 25 Januarie 1955.
Cora was van kleins af 'n baie geliefde mens onder die meisies, sowel as seuns. Die seuns was baie lief om arm te druk met Thysie, en het meeste kere sleg tweede gekom!

In die dae van Juniorskool Willem Grobler, waar daar slegs graad 1, 2 en 3 aangebied is voor leerders na Laerskool Julian Muller gegaan het, het Cora, en haar suster Ista, reeds by Laerskool Julian Muller, teen groter kinders deelgeneem omdat daar nie vir hulle kompetisie in Juniorskool Willem Grobler was nie. In daardie dae was daar slegs naellope in die laerskool.
Toe Cora in standerd 6 (graad 8 ) was, het hulle pa haar en Ista begin afrig om gewigstoot en skyfwerp te doen. In daardie dae was daar slegs o.16 en o.18 dogter items. Soos alles, het sukses gekom deur 'n mengsel van talente soos spoed, harde werk en deursettingsvermoë. Hulle pa egter vreeslik baie moeite gedoen, en hulle oor naweke na die legendariese Hannes Booyse geneem vir verdere afrigting.

Vanaf 'n vroeë ouderdom het hierdie twee sussies die Suid Afrikaanse gewigstoot en skyfwerp-toneel oorheers. Ista, altyd in die hoër ouderdomsgroep, en sodra Cora op daardie ouderdom kom, verbeter sy Ista se rekords. Op daardie stadium het Hoërskool Ben Viljoen begin uitstaan op die atletiekterrein met onderwysers soos Mnr Helberg, en later Mnr. De Jager en Mnr Harm Venter wat fantastiese afrigters was.

Vanaf o.14 verteenwoordig albei die Noord Transvaal-unie, waar hulle jaar op jaar albei items in die o.16 en o.18 ouderdomsgroepe wen. In 1972 word Cora gekies vir die Junior Springbokspan. Ná matriek studeer Cora by NWU-Pukke Sportwetenskap.

Wanneer daar na atletiekrekords gekyk word, is dit merkwaardig om te sien dat Cora se gewigstootrekords steeds in die boekie van Hoërskool Ben Viljoen verskyn. Agter beide die o.16 en o.19 gewigstoot-items staan die rekordhouer se naam steeds as C Schoonbee, met 'n afstand van 12.40m as o.16 en 12.51m as o.19

Op Vrydag, 24 Januarie 2025, het Kyra Hancke, ons huidige hoofmeisie, egter GROOT geskiedenis gemaak nadat sy die 53-jaar oue rekord van Cora Schoonbee in o.19 skyfwerp verbeter het vanaf 33.08m in 1972 na 33.69m in 2025. Kyra was gedurende 2024 ons dogtersatleet van die jaar, die veelsydigste sportvrou van die jaar asook die sportvrou van die jaar. Sy sê dat sy reeds in van Graad R af so hier-en-daar aan atletiek deelgeneem het, maar dat sy eers van Graad 4 af ernstig begin oefen. Een van die hoogtepunte van haar atletiekseisoen gedurende 2024, was haar deelname aan die Suid-Afrikaanse Sewekamp-kampioenskappe waar sy met die goue medalje weggestap het.

Kyra is 'n sportvrou deur-en-deur, van gewigstoot en diskus, tot die 100m hekkies, maar dit is nie waar haar sportdeelname stop nie. Sewekamp en netbal vorm ook deel van hierdie lysie, waar sy in beide reeds provinsiale kleure verwerf het. "Atletiek is jy en jy alleen. Dit leer mens hoe om jouself weer op te tel wanneer jy val, om aan te hou al is jy moeg. Dit laat 'n mens besef dat "hard work beats talent" en jy is sterker as wat jy dink"

Me Petra Pieterse, Cora se suster sê: "Dit is met heimweë, maar ook groot vreugde dat dit juis Kyra Hancke was wat die laaste skyfwerp-rekord van hierdie sportlegende van Ben Viljoen verbeter het! Kyra, ons wens jou nog baie nuwe rekords toe!"





# DIE WILGERS ATLETIEBYEENKOMS

Op Vrydag, 31 Januarie, het ons atlete deelgeneem by Hoërskool Die Wilgers se vriendskaplike atletiekbyeenkoms wat in Pretoria plaasgevind het teen die atletiekspanne van Hoërskool Die Wilgers, Hoërskool Brandwag en Hoërskool Wagpos.

Dié middag-aand byeenkoms wat vir aanskoulike atletiek gesorg het, is tydelik gestop nadat donderweer die Pretoria-lug verhelder het. Weens die reën en stormweer, is die byeenkoms egter om 19:30 halt geroep.

Ons atlete spog met 22 goue medaljes, 23 silwer medaljes en 27 bronsmedaljes wat tydens hierdie byeenkoms, wat ook ons eerste byeenkoms vir die jaar was naas die interhuis, verwerf is.





















**<u>Goue medaljes:</u>**
Bernard van Blerk, Marnu Hancke, Zander Coetser, Omphile Tshikane, Mea-Né Hancke, Elsje Dippenaar, Angelo Mdwazi, Jacobus Lewies, O'Niel Lenting, Mondray Arendse, Janik Brits, Livey van Blerk, Kyra Hancke, Limni-Lu Heswick en Musa Shadung

**<u>Silwermedaljes:</u>**
Daniëlle Wessels, Itumoleng Phatlane, Denise van der Walt, Keziah Truter, Marli Muller, Mea-Né Hancke, Ntando Nkosi, Lian Jordaan, Chenél Grundling, Erick Bezuidenhout, Tinika Vorster, Kurtley Barendse, Rihanke Roentgen, Itumoleng Phatlane, Wihan Alberts, Danelle Hall, Zander Coetser, Juan Nieman, Lehlohonolo Kopyane en Cohen Koopman

**<u>Bronsmedaljes:</u>**
Janik Brits, Christi Patricio, Clarien van der Walt, Tshepang Skosana, Chanté van Aswegen, Serole Matlapema, Lehlohonolo Kopyane, Liliana Janse van Rensburg, Mckayla Malone, Sethu Mabena, Carlia Kirchner, Shiniska du Plessis, Katinka Wessels, Mohau Matlalepoo, Megan Steyn, Elandré Mallo, Juan van den Heever, Kamo Shadung, Christi Patricio, Leeroy Alexander, Tiaan Scheepers, Joe Cloete, Dineo Manaka, Elrigh Gouws en Tumishang Tjatjie

# ELBÉ PRETORIUS GEDENKBYEENKOMS

Op Vrydag, 7 Februarie 2024, het die Elbé Pretorius-gedenkbyeenkoms plaasgevind. 'n Byeenkoms wat beide die gemeenskap, atlete en skool na aan die hart lê. Ten spyte van die temperatuur, kon die atlete behoorlik hulle staal op die atletiekbaan- en veld wys ter voorbereiding vir die Bosveld Interhoër.

Hoërskool Kanonkop en Hoërskool Generaal Hertzog het hulle as gedugte teenstanders op die baan en veld bewys maar tydens hierdie byeenkoms het die Dallers vir niks en niemand teruggestaan nie. Die Dallers verwerf sewe-en-negentig eerste plekke, agt-en-sestig tweede plekke en drie-en-vyftig derde plekke, wat sodoende veroorsaak dat hierdie byeenkoms vir die vierde agtereenvolgende jaar gewen word deur Hoërskool Ben Viljoen.

**Rekords:**

o.17 seuns 100m - Jaco van der Westhuyzen - 10.56
(vorige rekord: D Losper, Hoogenhout, 10.64 , 2017)
o.17 seuns 200m -Jaco van der Westhuyzen - 21.63
(vorige rekord: R Nieubuhr, HTS, 22.20, 1990)
























BEN VILJOEN
Noordheuwel Top 15 Atletiekbyeenkoms
ALGEHEEL 15DE


ntk
61STE
BOSVELD
INTERHOËR
2025
ONS ONDERNEEM




# NOORDHEUWEL TOP 15 ATLETIEKBYEENKOMS WENNERS!

Ons top 15 atlete, volgens die ASA-tabel, het aan die Noordheuwel Top 15 Atletiekbyeenkoms deelgeneem waar daar 'n totaal van 59 skole teenwoordig was, en hulle uitstekend van hulle taak gekwyt. Noordheuwel beskik oor die hoogste tartan-atletiekbaan in Afrika, 'n volle 1 777m bo seevlak.

Skole het in een van twee kompetisies deelgeneem - totale leerdergetalle van meer as 'n duisend en totale leerdergetalle van minder as 'n duisend. Hierdie kompetisie-been van die Noordheuwel Top 15, was slegs gebasseer op die gemiddelde ASA-punte wat deur die vyftien leerders van elke skool behaal is.
Skole wat deelgeneem het in die mediumskole afdeling, d.w.s met leerdergetalle van minder as 'n duisend leerders, sluit in: Ermelo, Frikkie Meyer, Lichtenburg, Hoër Volkskool Potchefstroom, Randpark High, Nylstroom, Driekhoek, Hoër Volkskool Heidelberg, Bastion, Pretoria-Noord, Linden, Centurion, Overvaal, Hans Moore, Hans Strijdom, Hartebeespoort, Vereeniging Gimnasium, Jan Viljoen, Roodepoort en Curro Krugersdorp.

Ons atlete het gesorg vir atletiek uit die boonste rakke en ons kondig met trots aan dat ons atlete aangewys is as die wenners van die mediumskole afdeling met 'n gemiddelde totaal van 812 punte, teenoor Ermelo in die tweede plek met 798 punte.
Hierdie aankondiging span die kroon op die harde werk wat in die voorbereiding vir die Bosveld Interhoër in gaan.













**Uitslae:**

o.14:
Angelo Mtwanzi verwerf 'n eerste plek en 666 punte vir sy verspring-item, terwyl Bernard van Blerk in diskus 721 punte verwerf. Elsje Dippenaar verwerf 737 punte vir haar gewigstoot-item

o.15:
In die gewigstoot-item verwerf O'Niell Lenting 752 punte, terwyl Liliana Janse van Rensburg 724 punte verwerf, met Mea-Né Hancke wat 701 punte verwerf. Emma-Lee van der Westhuyzen verwerf 908 punte en 'n tweede plek in die 100m, asook 876 punte en 'n derde plek in die 200m. Mondray Arendse verwerf 740 punte vir die 100m en 689 punte vir die 200m.

o.16:
Edunette Kriel verwerf onderskeidelik 794 punte in die 100m Hekkies, en 785 punte in die 100m, terwyl Marnu Hancke 'n derde plek in diskus behaal en 854 punte daarvoor verwerf. Hy verwerf ook 768 punte vir gewigstoot.

o.17:
Die blitsige Jaco van der Westhuyzen wen beide sy 100m- en 200m-items en verwerf onderskeidelik 884 punte en 831 punte vir sy deelname. Megan Steyn verwerf onderskeidelik 736 punte vir haar deelname aan die 200m en 717 punte vir haar deelname aan die 100m.

o.19
Ellené van der Westhuyzen verwerf 'n derde plek in die 100m, waarvoor sy 802 punte verwerf, asook 796 punte vir die 200m. Kyra Hancke verwerf onderskeidelik 876 punte vir gewigstoot, asook 782 punte vir diskus. Kadmiel Lotika verwerf 'n totaal van 771 punte vir die 400m.

# BOSVELD INTERHOËR

Ons kan hoog in ons skik terugkyk na Hoërskool Ben Viljoen se deelname aan die Bosveld Interhoër.

Op Donderdag, 27 Februarie 2025, het ons atlete en sangspan vroeg-vroeg die pad aangepak na Thabazimbi waar die 61ste Bosveld Interhoër op Hoërskool Frikkie Meyer se terrein plaasgevind het.

Die atlete was uitgehonger om na harde voorbereiding vir die dag, uiteindelik deel te kon neem. Die sewe skole wat deelvorm van die Bosveld Interhoërbond, is Hoërskool Piet Potgieter, Hoërskool Ben Viljoen, Hoërskool Nylstroom, Hoërskool Warmbad, Hoërskool Hans Strijdom, Hoërskool Ellisras en Hoërskool Frikkie Meyer.

Die bekende sportbelofte lui: "As die Groot Teller eendag teenoor jou naam skryf, skryf Hy nie dat jy gewen of verloor het nie, maar hoe jou gesindheid in die stryd was."

OUTWIT. OUTLAST. OUTPLAY

'n Uiters suksesvolle dag vir Hoërskool Ben Viljoen se atlete - Jaco van der Westhuyzen verbeter twee van die dag se drie rekords, waarvan die 200m rekord die oudste rekord is wat reeds vir 55 jaar staan. Ons atlete verwerf 30 goud-, 24 silwer- en 12 bronsmedaljes.

**Rekords:**
Jaco van der Westhuyzen:
o.17 100 - 10.49
(vorige rekord: Marnus Uys - PP - 10.60 - 2015)
o.17 200m - 21.58
(vorige rekord: W Loots - E - 21.80 - 1970 ; Marnus Uys - PP - 2015)






















# BOSVELD INTERHOËR

**Finale uitslae:**

Dirigente Opkoms: gesamentlik in die 3de plek

Dirigente: 6de plek

Sangbeker: 6de plek

Atleet van die dag: Emma-Lee van der Westhuyzen

Beste Baanatleet: Jaco van der Westhuyzen

Junior Dogters: 2de plek

Junior Seuns: 2de plek

Senior Dogters: 3de plek

Senior Seuns: 4de plek

Dogtersaflos: 3de plek

Seunsaflos: 1ste plek

Dogterstotaal: 3de plek

Seunstotaal: 3de plek

Prestasiebeker: 1ste plek
(Die prestasie word uitgewerk deur die puntetotaal van elke skool te deel deur die tiende skooldag se leerdergetalle)

Groot Totaal: 3de plek























WWW.BENVILJOEN.CO.ZA 013 262 2061 BVADMIN@BENVILJOEN.CO.ZA @HS_BENVILJOEN

# Eileen Pretorius

PHYSIOTHERAPY



Starting 3 February

Loskop Gym, Groblersdal

Now open for bookings

Contact: 071 413 9098




# SASA LIMPOPO ATLETIEK

Die SASA Limpopo Skole Atletiekbyeenkoms het plaasgevind by die Universiteit van Limpopo se Oscar Mpetha stadion in Polokwane.

Vyf Dallers het aan hierdie byeenkoms deelgeneem, en ons is trots op ons drie atlete wat medaljes verwerf het.

Kadmiel Lotika verwerf 'n eerste plek in die 400m, terwyl O'Niell Lenting 'n eerste plek in gewigstoot verwerf het. Omphile Tshikane het 'n derde plek in die 1500m verwerf.

Ons kondig ook met trots aan dat hierdie drie leerders ingesluit is in die Limpopo-span wat aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe gaan deelneem!


ONS WERK - ONS EER
LENTING
SASA
South Afric
Championships
O'NIELL LENTING
BOYS U/16
SHOT PUT


ONS WERK - ONS EER
TSHIKANE
SASA
South African
OMPHILE
TSHIKANE
BOYS U/18
1500M


ONS WERK - ONS EER
LOTIKA
BEN VILJOEN
SASA
South African Championships
KADMIEL LOTIKA
MEN U/20
400M




# ASA LIMPOPO ATLETIEK

Op 15 Maart 2025 het die ASA Limpopo Skole Atletiekbyeenkoms plaasgevind by die Universiteit van Limpopo se Oscar Mpetha stadion in Polokwane.


Sewe Dallers, asook een van ons alumni, het aan hierdie byeenkoms deelgeneem, en ons kondig met trots aan dat al sewe van ons atlete, sowel as ons alumna, medaljes verwerf het.

Kyra Hancke verwerf twee goue medaljes, in die 100m hekkies sowel as in gewigstoot, terwyl beide Jaco van der Westhuyzen en Emma-Lee van der Westhuyzen in die 100m en 200m seëvier. Wihan Alberts verwerf 'n vierde plek in die 100m, terwyl Megan Steyn 'n derde plek in die 100m en 'n tweede plek in die 200m verwerf.

Omphile Tshikane verwerf 'n tweede plek in die 1500m, met Kadmiel Lotika wat 'n eerste plek in die 400m verwerf.
Ben Viljoen-alumna, Vanessa da Silva verwerf 'n eerste plek in die 5000m.

Ons kondig ook met trots aan dat die volgende atlete ingesluit is in die Limpopo-span wat aan die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe by die Groenpunt-stadion in Kaapstad gaan deelneem: Jaco, Emma-Lee en Ellené van der Westhuyzen, Kyra Hancke, Wihan Alberts en Kadmiel Lotika.


ONS WERK - ONS EER
BEN VILJOEN
ASA
South African Championships
EMMA
VAN DER
WESTHUYZEN
GIRLS U/16
100M
200M
4X100M RELAY


ONS WERK - ONS EER
ALBERTS
BEN VILJOE
ASA
South Africa Championships
WIHAN ALBERTS
BOYS U/18
200M
4X100M RELAY


ONS WERK - ONS EER
EN VILJOEN
ASA
South African Championships
JACO
VAN DER
WESTHUYZEN
BOYS U/18
100M
200M
4X100M RELAY


ONS WERK - ONS EER
HANCKE
ASA
South African Championships
KYRA HANCKE
WOMEN U/20
HEPTATHLON


ONS WERK - ONS EER
BEN VILJOEN
ASA
South African Championships
ELLENÉ
VAN DER
WESTHUYZEN
LADIES U/20
100M
200M



ONS WERK - ONS EER
LOTIKA
BEN VILJOEN
A&A
South African Championships
KADMIEL LOTIKA
MEN U/20
400M
4X100M RELAY




# BOSVELD INTERHOËR LANDLOOP

Ons landloopatlete het op 17 Maart 2025, aan die Interhoër Landloopbyeenkoms deelgeneem wat in Thabazimbi plaasgevind het.
Ons atlete eindig in die algehele vyfde plek, met beide ons junior seunsspan en senior dogterspan wat tweede plekke behaal. Beide ons junior dogters- en senior seunsspan behaal sesde plekke.
Omphile Tshikane, een van ons senior seunsatlete, verwerf 'n eerste plek in sy afdeling terwyl Anné Marais, een van ons senior dogtersatlete, 'n derde plek verwerf. Zander Coetser, een van ons junior seunsatlete verwerf ook 'n derde plek.



WWW.BENVILJOEN.CO.ZA 013 262 2061 BVADMIN@BENVILJOEN.CO.ZA @HS_BENVILJOEN






# INTERPROVINSIALE TWEEKAMP-KAMPIOENSKAPPE

Twee Dallers het deelgeneem aan Limpopo se Tweekamp Interprovinsiale-byeenkoms wat op ons tuisveld plaasgevind het.

Tydens hierdie byeenkoms behaal Annè Marais 'n eerste plek vir dogters o.17 en word ook aangewys as Senior Victrix Ludorum, terwyl Elrich Gouws 'n tweede plek vir seuns o.17 behaal het.

# ANNÉ EN ELRICH IN LIMPOPO A-SPAN

Baie geluk aan Annè Marais en Elrich Gouws wat albei ingesluit is in die Limpopo Tweekamp A-span wat aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe gaan deelneem. Anné is ook aangewys as die kaptein van vanjaar se span wat op 22 Maart in Oudtshoorn deelneem.








# MANIE SKIET KOLSHOOT!

Manie Grobbelaar, een van ons huidige graad 9-leerders, het op 23 en 24 November 2024 aan die ABO(African Bow Organisation) se 3DI Nasionale Kampioenskappe deelgeneem by die Gabbata Game Lodge in Pretoria.
Tydens hierdie kampioenskappe behaal hy 'n eerste plek in sy afdeling, en is ook aangewys as Junior Skut van die Jaar.
Vanaf 2-3 Februarie 2025, het Manie aan die eerste been van die Triple Crown-kompetisie deelgeneem en weereens 'n eerste plek behaal! Die Triple Crown-kompetisie het drie kompetisies met skuts van Limpopo, Mpumalanga, Gauteng en Noordwes wat daaraan deelneem.





# SUID-AFRIKAANSE TWEEKAMP-KAMPIOENSKAPPE

Die 48ste Suid-Afrikaanse Tweekamp Nasionale Kampioenskappe het op 22 Maart 2025 in Oudtshoorn plaasgevind. Twee van ons leerders, Anné Marais en Elrich Gouws het aan hierdie kampioenskappe deelgeneem, waar Anné die spankaptein van Limpopo se A-span was.

Limpopo eindig algeheel twaalfde uit die veertien deelnemende provinsies tydens hierdie kampioenskappe, met die juniorspan wat 'n algehele elfde plek behaal het, terwyl die seniorspan 'n algehele dertiende plek behaal het.

Anné Marais het aan die dogters o.17-afdeling deelgeneem waar sy 'n algehele sewende plek uit die vyf-en-vyftig atlete in haar afdeling behaal het. Sy het ook tydens hierdie kampioenskappe haar persoonlike beste prestasie vir die seisoen opgelewer.

Elrich Gouws het aan die seuns o.17-afdeling deelgeneem waar hy sy persoonlike beste prestasie vir die seisoen opgelewer het. Hy verwerf 'n vyf-en-dertigste plek uit sestig atlete.

Ons wens ook graag vir Dianiel Terblanche van Laerskool Marble Hall geluk met haar goue medalje wat sy verower het in haar afdeling! Tydens hierdie kampioenskappe het sy ook haar persoonlike beste prestasie vir die seisoen opgelewer. Tesame met Dianiel, het Chenique Barnard (Laerskool Marble Hall), Daniel Terblanche (Laerskool Marble Hall) en Michael Marais (Laerskool Julian Muller) ook hulle persoonlike beste prestasies vir die seisoen opgelewer.

# INTERHUIS SWEMGALA

Ons het die opwindende swemseisoen op ‘n hoë noot afgeskop met ons jaarlikse Interhuis Swemgala op 16 Januarie.

‘n Dag van massa-deelname en aansteeklike gees het gevolg, en die graad 12-leerders het selfs met hulle opblaas-swemringe sommige items aangedurf.

Baie geluk aan ons trofeewenners en nuwe rekordhouers. Ons is baie trots op julle!

<u>Ons nuwe rekordhouers:</u>
Odette Upton – 100m Vryslag – 1:05.97
Odette Upton – 100m Rugslag – 1:16.28
Odette Upton – 50m Vryslag – 30.06
Odette Upton – 100m borsslag – 1:27.62
Mighael Alberts – 100m Borsslag – 1:11.37
Mighael Alberts – 50m Vlinderslag – 27.27
Mighael Alberts – 50m Borsslag – 30.50
Mighael Alberts – 100m Vryslag – 54.03
Simone Theron – 100m Vryslag – 1:03.94
Simone Theron – 100m Rugslag – 1:16.89
Simone Theron – 50m Vlinderslag – 31.91
Simone Theron - 50m Vryslag - 28.75
Mari-Zanne Nortje – 100m Vryslag – 1:04.26
Mari-Zanne Nortje – 50m Vlinderslag – 32.11
Anné Marais – 100m Rugslag – 1:17.80

Senior Victrix Ludorum – Simoné Theron
Senior Victor Ludorum – Mighael Alberts
Junior Victor Ludorum – Joe Ras
Hoogste FINA punt vir dogters: Simone Theron (50m Vryslag) - 608 punte
Hoogste FINA punt vir seuns: Mighael Alberts (50m Vryslag) - 755 punte
























KING





























# LIMPOPO SKOLE SWEMKAMPIOENSKAPPE

Agt van ons swemmers het deelgeneem aan die Limpopo Skole Swemkampioenskappe wat in Tzaneen plaasgevind het.

Die plekke en tye wat ons swemmers tydens hierdie byeenkoms behaal het is weereens 'n bewys dat hulle die vrugte pluk van hulle harde werk.

Mighael Alberts word aangewys as die Senior Victor Ludorum, met Simone Theron wat wegstap as die Senior Victrix Ludorum, asook die trofee vir die beste Hy-Tek Individuele prestasie in die dogtersafdeling. Odette Upton word aangewys as die Junior Victrix Ludorum.

**Uitslae:**
Anné Marais verwerf tweede plekke in die 50m vryslag, asook in beide die 50m en 100m vlinderslag. Sy verwerf ook derde plekke in die 100m vryslag, 50m borsslag en in beide die 50m en 100m rugslag.

Odette Upton verwerf eerste plekke in die 400m vryslag, 200m vryslag, 100m vryslag, 50m vryslag, 200m rugslag, 100m rugslag, 50m rugslag, 100m borsslag, asook in die 200m individuele wisselslag. Verder verwerf sy ook tweede plekke in die 50m borsslag en 100m vlinderslag, asook 'n derde plek in die 50m vlinderslag.

Altus Venter verwerf tweede plekke in die 50m, 100m en 200m borsslag, asook 'n derde plek in die 50m vlinderslag. Verder verwerf hy 'n vyfde plek in die 50m vryslag, 'n sesde plek in die 100m vryslag en 'n sewende plek in die 50m rugslag.

Mari-Zanne Nortje verwerf tweede plekke in die 50m vryslag, 50m borsslag, 100m vryslag, 100m rugslag, 200m vryslag en in die 200m individuele wisselslag. Sy verwerf ook derde plekke in die 50m vlinderslag, 50m rugslag, 100m vlinderslag en 100m borsslag.

Simone Theron stel vyf nuwe rekords op, in onderskeidelik die 100m vryslag, 50m vryslag, 50m borsslag, asook in beide die 50m en 100m vlinderslag. Sy verwerf ook eerste plekke in die 200m vryslag, 200m borsslag, 100m borsslag en 200m individuele wisselslag. Verder verwerf sy tweede plekke in die 400m vryslag en 50m rugslag, asook 'n derde plek in die 100m rugslag.

Mighael Alberts stel vier nuwe rekords op, in onderskeidelik die 50m borsslag, 50m vryslag, 100m vryslag en 50m vlinderslag. Hy verwerf ook eerste plekke in die 50m rugslag, 100m borsslag, en 200m individuele wisselslag. Hy verwerf ook 'n tweede plek in die 100m rugslag en 'n derde plek in die 400 vryslag.

Nicole Senekal en Tia-Mari Theron neem ook deel aan hierdie kampioenskappe en beide verbeter hulle tye in hulle onderskeie items.



# SOUTHERN SPRINT-SWEMGALA

Die Southern Sprint- sowel as "Last Chance"-swemgala het op ons terrein plaasgevind. Swemmers van regoor Limpopo het aan hierdie twee galas deelgeneem, asook sewe Dallers, wat hier, in hulle tuisswembad, gewys het hoekom ons een van die top swemskole in die provinsie is.

**Uitslae:**

Anné Marais verwerf 'n eerste plek in die 100m vryslag, asook tweede plekke in die 50m vryslag, 50m rugslag en 100m rugslag. Verder verwerf sy ook 'n derde plek in die 50m borsslag.

Tia-Mari Theron verwerf eerste plekke in die 50m vryslag, 50m rugslag, 100m rugslag en 100m borsslag. Verder verwerf sy ook 'n tweede plek in die 50m borsslag.

Simoné Theron verbeter vyf rekords, in onderskeidelik die 50m vryslag, 50m vlinderslag, 200m individuele wisselslag, 100m borsslag en 50m borsslag. Sy verwerf ook eerste plekke in die 50m rugslag en 100m rugslag.

Mari-Zanne Nortje verwerf 'n tweede plek in die 50m vryslag, waar sy en die wenner beide die rekord verbeter. Sy verwerf ook tweede plekke in die 50m borsslag, 50m rugslag en 50m vlinderslag asook 'n eerste plek in die 100m vryslag en 'n derde plek in die 100m borsslag.

Nicole Senekal verwerf tweede plekke in die 200m individuele wisselslag en 200m borsslag. Sy verwerf ook derde plekke in die 50m vryslag, 50m rugslag, 100m borsslag en 100m vryslag.

Altus Venter verwerf eerste plekke in die 100m vryslag en in die 50m borsslag. Hy verwerf ook tweede plekke in die 50m vryslag, 50m vlinderslag, 100m borsslag en 200m borsslag.

Odette Upton verwerf eerste plekke in die 50m vlinderslag, 50m rugslag, 50m vryslag, 100m rugslag en 200m individuele wisselslag. Sy verwerf ook tweede plekke in die 50m borsslag en 100m borsslag.




# DALLERS WEN LAERSKOOL JULIAN MULLER UITNODIGINGSAFLOS

Laerskool Julian Muller se interhuis atletiek-byeenkoms het in 'n warm Groblersdal plaasgevind, en hulle het die dag afgesluit met 'n uitnodigings-aflos. Twee van ons aflosspanne het aan hierdie uitnodigingsaflos deelgeneem waar hulle teen ouers, personeel en ander gemeenskapslede gehardloop het. Ons kondig trots aan dat die aflosspan wat bestaan het uit Kyra Hancke, Monya van Niekerk, Juan van den Heever en Joe Cloete as die wenners gekroon is!

Dankie Laerskool Julian Muller vir hierdie geleentheid.

# LIVING BALL BESOEK BEN VILJOEN

Baie dankie aan mnr. Franna Cillie van Living Ball Ministries vir die mooi wyse waarop hy ons leerders kom motiveer het. Living Ball Ministries is 'n nie-winsgewende organisasie wat sportballe en toerusting gebruik om die Evangelie van Jesus Christus te deel.

Tydens die besoek, het ons ook rugby- en netbalballe asook drie pare rugbytokse ontvang. Ons het groot waardering vir hierdie geskenk is!






# MNR MNKOMO MAAK VARSITY SHIELD SKEIDSREGTER BUIGING

Tydens die Varsity Cup Shield wedstryd tussen die Sol Plaatje Universiteit (SP) en Cape Peninsula University of Technology (CPUT) het Mnr Excellent Mnkomo sy Varsity Cup debuut as skeidsregter gemaak. Hierdie wedstryd het op die Suzuki Stadion in Kimberley plaasgevind



# SWEMMERS INGESLUIT IN LIMPOPO SWEMSPAN

Baie geluk aan die volgende swemmers wat ingesluit is in die Limpopo skoleswemspan vir 2025. Hierdie swemmers neem in April-maand deel aan die Suid-Afrikaanse Skole Swemkampioenskappe.



Odette Upton
Mari-Zanne Nortje
Simoné Theron
Mighael Alberts



OLD SCHOOL

STELLENBOSCH, SOUTH AFRICA
EST. 2019

# VINTAGE ONDERSTEUNERSTRUIE







TYDLOSE DALLERTROTS

## HOËRSKOOL BEN VILJOEN-ALUMNI

is meer as welkom om te bestel.

Stuur gerus ‘n e-pos aan
Me Jean-Marie Heyns vir verdere inligting:
bvbemarking@benviljoen.co.za




JERSEY SIZE CHART

| | | XS | S | M | L | XL | 2XL | 3XL | 4XL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | CHEST | 47 | 51 | 55 | 59 | 63 | 67 | 75 | 79 |
| B | WAIST | 46 | 50 | 54 | 58 | 62 | 66 | 74 | 78 |
| C | HEM OPENING | 46 | 50 | 54 | 58 | 62 | 66 | 74 | 78 |
| D | SLEEVE LENGTH | 63.5 | 65.5 | 67.5 | 69.5 | 71.5 | 73.5 | 75.5 | 77.5 |
| E | FRONT LENGTH | 66.5 | 69.5 | 72.5 | 75.5 | 79.5 | 83.5 | 87.5 | 91.5 |




# NWU SKOLESPORTREEKS: BEN VILJOEN VS ELLISRAS

Ter voorbereiding van die wintersportliga neem Hoërskool Ben Viljoen deel aan die NWU reeks. Daar is skole van regoor die verskillende provinsies wat hier teen mekaar te staan kom. Op 8 Maart 2025 het Hoërskool Ben Viljoen se rugby-, hokkie- en netbalspanne te staan gekom teen Hoërskool Ellisras.

Die spanne het uitstekend gevaar en ons is trots op elke speler se spel en sy/haar gedrag.











**Uitslae:**

**Rugby:**
o.14A: BV 10 – 19 ELL
o.15A: BV 21-08 ELL
o.15B: BV 12-14 ELL
o.16A: BV 28-30 ELL
o.16B: BV 10-43 ELL
2de Span: BV 00-20 ELL
1ste Span: BV 19-12 ELL

**Hokkie:**
o.14: BV 02-03 ELL
o.15: BV 04-00 ELL
o.16: BV 18-00 ELL
2de Span: BV 08-00 ELL
1ste Span: BV 03-00 ELL

**Netbal:**
o.14A: BV 16-08 ELL
o.14B: BV 02-11 ELL
o.15A: BV 15-20 ELL
o.15B: BV 07-08 ELL
o.16A: BV 25-13 ELL
o.16B: BV 01-21 ELL
2de Span: BV 03-20 ELL
1ste Span: BV 14-33 ELL



# NWU SKOLESPORTREEKS: BEN VILJOEN VS PRETORIA-NOORD

Op 15 Maart 2025 het Hoërskool Ben Viljoen se rugby-, hokkie- en netbalspanne te staan gekom teen Hoërskool Pretoria-Noord.

Die spanne het uitstekend gevaar en ons is trots op elke speler se spel en gedrag.











**Uitslae:**
**Rugby:**
o.14A BV 40-00 PNHS
o.15A BV 68-00 PNHS
o.15B BV 34-03 PNHS
o.16A BV 33-07 PNHS
2de Span BV 18-12 PNHS
1ste Span BV 15-15 PNHS

**Hokkie:**
o.14 BV 4-0 PNHS
o.15 BV 0-1 PNHS
o.16 BV 5-0 PNHS
2de Span BV 8-0 PNHS
1ste Span BV 3-0 PNHS


**Seunshokkie:**
**Seven-a-Side**
Span 1 BV 3-1 PNHS
Span 2 BV 3-0 PNHS

**Netbal:**
o.14A BV 23-07 PNHS
o.14B BV 15-04 PNHS
o.14B BV 14-08 PNHS o.14C
o.15A BV 21-14 PNHS
o.15B BV 13-19 PNHS
o.15B BV 12-02 PNHS o.15C
o.16A BV 19-15 PNHS
o.16B BV 08-14 PNHS
2de Span 09-23 PNHS
2de Span 08-21 PNHS o.17A
1ste Span BV 09-30 PNHS

WWW.BENVILJOEN.CO.ZA 013 262 2061 BVADMIN@BENVILJOEN.CO.ZA @HS_BENVILJOEN


ONS WERK - ONS EER
DALLERS
NWU
1ste SPAN
NWU SEMI FINAAL
12 APRIL 2025

















# PIETER MORTON BESOEK SY ALMA MATER

Ons het die voorreg gehad om Pieter Morton by die skool te verwelkom vir 'n motiveringspraatjie met ons senior rugbyseuns. Pieter, was deel van ons klas van 2010, en ook die voorsitter van sport gedurende sy matriekjaar. Hy speel tans senter vir die Chartres Fédérale 1-rugbyspan in Frankryk.

In sy matriekjaar, het hy die Pumas se o.19 Curriebeker-span verteenwoordig, voordat hy 'n junior kontrak met die Blou Bulle gesluit het. Nadat hy die Varsitybeker se o.20 Young Guns-kompetisie as deel van die Universiteit van Pretoria-span gewen het, het hy vir die Vrystaat Cheetahs se sewesrugbyspan, asook die o.21 Curriebekerspan uitgedraf. 'n Seisoen by die Universiteit van Johannesburg het die aandag van die Abu Dhabi Saracens getrek, waar Pieter 24 drieë in een seisoen gedruk het.

In 2016 het hy by die Fédérale 1-klub, Trélissac, in Frankryk, geteken. Afwisselend tussen die nommer 12- en 13-truie, het hy die span, Dijon, se oog gevang, waar Pieter sy reputasie as 'n baldraer verbeter het. Dit was egter sy skuif na Chambéry wat Morton se reputasie as een van Fédérale 1 se mees vernietigende middelveldspelers bevestig het. Met 23 wedstryde as deel van die beginspan in die 2018/19-seisoen, het sy nege drieë gewys dat sy professionaliteit en toewyding aan kondisionering vrugte sal pluk vir enige span wat hy verteenwoordig.

In sy motiveringstoespraak het hy vir die leerders gesê dat dit nie saak maak in watse skool jy is nie, as jy die motivering het om deur te druk, hard te werk en aan te hou probeer - kan jy enige iets bereik.

**--Wat jy saai, sal jy maai--**










# CHARLIE EN DIE SJOKOLADE FABRIEK-GRAAD 8 KONSERT

Ons Charlie en die Sjokoladefabriek Graad 8-konsert was gedurende Februarie op die planke. Ons Graad 8's het vir vier weke die geleentheid gehad om nes te skrop (en hulle voete te vind) by Hoërskool Ben Viljoen. 'n Besige vier weke op akademiese vlak te same met sport en die voorbereiding vir hulle graad 8-konsert.

Laerskoolleerders sowel as ouma's en oupa's het dié Maandagmiddag geleentheid gehad om hierdie graad 8-groep se konsert te sien, terwyl die gala-aand op Woensdag, 12 Februarie, plaasgevind het. Met albei vertonings, was die saal gepak met 'n gehoor wat geskaterlag het vir die pittige sê-goed van ons hoofkarakters, en menigte het teruggedink aan hulle dae van groentjiekonserte (soos wat die Graad 8-konsert eens bekend was).

























# UR BAL 2025

Die jaarlikse UR Bal het op Donderdag, 20 Maart, plaasgevind by die DLU Saal, net buite Groblersdal.
'n Aand van swier, waar ons leerders die rooitapyt betreë het, deftig gekleë in hulle spoggerige uitrustings, en die aand om gedans het, nes die tema: 'Oscars'.
Ons bedank graag almal wat betrokke was in die reëlings wat van hierdie aand so groot sukses gemaak het.





WWW.BENVILJOEN.CO.ZA 013 262 2061 BVADMIN@BENVILJOEN.CO.ZA @HS_BENVILJOEN




















## TUIMELTREIN: BESTE GROEP VAN 2024

Marice de Jager en Christian Venter, oftewel Tuimeltrein soos hulle bekend is, is besig om 'n groot naam in die Suid-Afrikaanse musiekbedryf te word! Tydens 2024, is hulle deur Afrikaans is Alles benoem in die kategorieë: Beste Groep van 2024 asook vir die beste musiekvideo van 2024 met hulle liedjie Dis 'n Joke. Met die aankondiging van die wenners wat op 2 Januarie 2025 gemaak is, stap Tuimeltrein weg met die toekenning as Beste Groep van 2024. In hierdie kategorie het hulle kompeteer teen onder andere Spoegwolf, Droomsindroom, Die Heuwels Fantasties, sowel as Die Piesangskille.

## KAYLEE NEEM DEEL AAN TALENT AFRICA SE STARS OF THE UNIVERSE INTERNATIONAL CUP

Kaylee Engelbrecht het deelgeneem aan Talent Africa se Stars of the Universe International Cup-kompetisie. Tydens die Nasionale rondte van Talent Africa, wat verlede jaar plaasgevind het, het sy gekwalifiseer vir onder andere hierdie kompetisie.

Tydens die International Cup het sy haar eie komposisie ingeskryf waarvoor sy goud verwerf het.







## KAYLEE EN ANZELLE DEEL VAN UITGESOEKTE GROEP

Tydens die Stars of The Universe International Cup is beide Anzelle de Jager en Kaylee Engelbrecht raakgesien en gekies om aan die Rimini Italian Performing Arts Festival, wat vanaf 3-7 Julie in Italië plaasvind, deel te neem. Uit al die deelnemers is slegs 116 deelnemers vir hierdie fees gekies!




# 'TYD OM JONK TE WEES'

Tuimeltrein, die energieke en dinamiese duo Marice de Jager en Christian Venter, twee van ons alumni-lede, het reeds opslae gemaak met hulle vrystellings "Grondboontjiebotter" en "Dis 'n Joke", en is tydens 2024 as Afrikaans is Alles se Beste Groep van die jaar aangewys, waar hulle in hierdie kategorie kompeteer het met onder andere Spoegwolf, Droomsindroom, Die Heuwels Fantasties, sowel as Die Piesangskille. Ons sien met groot verwagting uit na Tuimeltrein se derde enkelsnit, Tyd om jonk te wees, wat op Vrydag, 28 Maart vrygestel word






# MNR VENTER VERKIES TOT BEHEERLIGGAAM

Na afloop van die onlangse Beheerliggaam tussen-verkiesing wens ons graag Mnr Ruperd Venter geluk met sy verkiesing tot die portefueljes: Bemarking en Borge.

Ons wens u sterkte toe vir die termyn wat voorlê.



# VALENTYNSDAG

Rooi, pienk en wit hartjies was aan die orde van die dag op Maandag, 17 Februarie. Dallers weet dat die week van die Bosveld Interhoër 'n groot Geesvangweek is, en hoe dan nou anders as om die week af te skop met 'n "laat-Valentynsdag". Die meerderheid van die leerders was mooi getooi in rooi, pienk of wit, en het Maandagaand nie 'n val-in-die-tuin gehad nie, maar eerder 'n toer om die vloer tydens die Valentynssokkie wat aangebied is.

Ons bedank graag die Uitvoerende Raad van 2025, asook hulle ouers vir die harde werk, organisering en verkope.








TELEPHONE










TELEPHONE















# HOËRSKOOL BEN VILJOEN

ONS WERK - ONS EER

# SHOW US YOUR CUTEST PET

## AND WIN GREAT PRIZES!



**R10**

**PER ENTRY**

PAYABLE AT OUR FINANCIAL OFFICE



**CLOSING DATE:**

**14 APRIL 2025**

*open to the public*

ENTRY TO BE EMAILED TO BVBEMARKING@BENVILJOEN.CO.ZA
INCLUDING NAME, SURNAME, CONTACT NUMBER AND PROOF OF PAYMENT

WWW.BENVILJOEN.CO.ZA | 013 262 2061 | BVADMIN@BENVILJOEN.CO.ZA | @HS_BENVILJOEN



# GEESVANGWEEK: DISNEY DINSDAG

Wat noem 'n mens dit as Alvin en die Chipmunks saam met Minnie Muis, gevolg deur Pinocchio, Moana en Simba deur jou klasdeur gestap kom met Carl en Russel van UP! kort op hulle hakke?

Wel, by Ben Viljoen noem ons dit Disney Dinsdag!
Die tweede dag van Geesvangweek het vandag 'n klomp verskillende Disney-karakters by die skool verwelkom, en selfs Woody was daar om die vrede te bewaar.













S
A
T








# GEESVANGWEEK: 'ANYTHING BUT SCHOOL SHOES'

In 'n sopnat en reënerige Groblersdal, het ons leerders (en van ons personeellede) aangetrek volgens die 'Anything but School Shoes'-tema vir die derde dag van Geesvangweek.

Almal het, letterlik en figuurlik, hulle mees kreatiefste voet voorgesit met hierdie tema, maar in ons beskeie opinie was die wenners opgedeel in drie kategorieë: kaalvoet, rubberstewels en swem "flippers"





# GEESVANGWEEK: ‘MINION MADNESS’

Dit was Minion Madness op die vierde dag van Geesweek! Ons klasse en vierkant was gevul met geel (en 'n paar pers) Minions, brille en oorpakke, terwyl leerders hul "Despicably Awesome" skoolgees kom wys het!



Van kreatiewe kostuums, lyf- en gesigverf, tot 'n groot gelag... Dit was ongelooflik om te sien hoe elkeen hul innerlike Minion uitgebeeld het. Selfs Mnr John Smith, ons skoolhoof, het sy skoolgees gewys deur as Gru aan te trek en die leerders toe te spreek.






# QUIZ NIGHT 2025

Op Vrydag, 7 Maart 2025, het ons 'n Quiz-night aangebied waar oud en jonk hulle kennis teen mekaar kon kom meet. Teen slegs R1000 kon spanne van tien per tafel 'n heerlike gesellige aand geniet. Baie geluk aan die World Cup-span wat vanjaar met die geestoekenning weggestap het, terwyl Coddiwomple as die algehele wenners van die aand aangewys is, met Einstein-Anatomy in die tweede plek.

Ons bedank graag die volgende mense wat 'n groot rol in die organisering van hierdie aand gespeel het: Ons seremoniemeester, oftewel Quiz Master, Oom Rynaard de Klerk en tannie Adrie, Me Rileen Schutte, Me Anel Hancke en Me Marlene Cloete.

**Ons wil graag ook ons opregte dank uitspreek aan ons borge vir die onmisbare ondersteuning wat ons vir hierdie funksie ontvang het:** Tops @ Spar Groblersdal (Mnr John Patricio), Me Rothea Muller, Me Amanda Grobler, Die Raasblaar, Me Mercia Labuschagne, Me Heleen French, Me Cornelda van der Westhuyzen, Me Lika Eksteen, Me Liza Theron, Me Rileen Schutte, Me Leonore Alberts, Me Chante Cochrane, Me Nadia Hawkey en Me Marlene Cloete





# NEXTGEN XV GLOBAL SCHOOLS CHALLENGE PLAATWENNERS

Baie geluk aan Dylan Nieuwenhuys, Flippie Nieman en Asheeq Bradford, al drie lede van die klas van 2024, wat as deel van die UXi Vrystaatse Internasionale Rugbyinstituut die NextGen XV Global Schools Challenge-uitnodigingstoernooi se plaatwenners is. Hulle het vanaf 14-18 Desember 2024 aan die Next Gen Global Schools Challenge deelgeneem by Grey College in Bloemfontein.

# VOLKSKOOL HEIDELBERG SPOG MET OUD-DALLER AS ONDERWYSER

Baie geluk aan Ben Viljoen alumnus, Johan Hoole, wat by Hoër Volkskool Heidelberg begin werk het as hulle Landboubestuur-onderwyser. Mag jy baie lewens aanraak met jou passie en jou roeping ten volle vul.







# LEUCO NOU STUDENTE ONDERWYSER BY LAERSKOOL JULIAN MULLER

Baie geluk aan oud-Ben Viljoener, Leuco Robinson, wat by Laerskool Julian Muller aangesluit het as deel van hulle studente-onderwyser program. Mag jy baie lewens aanraak met jou passie en jou roeping ten volle vul.




# TASTE OF SUPERSPORT PARK

Op 9 Maart 2025, tydens die Taste of Supersport Park-funksie wat op Supersport Park in Centurion plaasgevind het, was daar 'n spesiale "Legends"-wedstryd waar die Momentum Multiply Titans-krieketspan se legendes te staan kom teen 'n span wat bestaan het uit Blou Bul-legendes in 'n 15-boulbeurt-wedstryd.

Oud-Ben Viljoener, Jaco van der Westhuyzen snr. was op die krieketblad in aksie, waar hy saam met ander Blou Bulle legendes hulle krieketkolwe afgestof het, en kragte gemeet het met onderandere Fanie de Villiers, Pierre Joubert en Albie Morkel.

# MIGNON DRAF UIT VIR VARSITY COLLEGE

Ben Viljoen alumni, Mignon Stevens, klas van 2024, is tans 'n student by Varsity College in Durban. Met sy vlugtige voete het hy reeds sy merk op die rugbyveld gelaat en in 'n opwarmingswedstryd vir Varsity College teen die Universiteit van Witwatersrand gespeel. Hierdie wedstryd het in Bloemfontein plaasgevind.







# TIAAN ALGEHEEL TWEEDE

Tiaan Niemann, klas van 2013, het deelgeneem aan die People's 60 Triathlon, wat by Hobie Beach in Port Elizabeth plaasgevind het, ter voorbereiding van die ISUZU IRONMAN Afrika kampioenskappe. Driekamp of Triathlon is 'n multisport kompetisie wat uiterste uithouvermoë verg, en hierdie driekampkompetisie het bestaan uit 1km swem, 60km fietsry, asook 14km hardloop. Tiaan behaal 'n algehele tweede plek, en 'n eerste plek in sy ouderdomsgroep.




## UITVOERENDE RAAD BEDERF PERSONEEL

Baie dankie aan die Uitvoerende Raad van 2025 wat die personeel bederf het op die eerste dag van kwartaal 1!

## DIRIGENTE SKUD BLIK

Ons interhoër-dirigente het op 29 Januarie vanaf 14:00-16:30 blik geskud by Groblersdal Spar en die omliggende areas. Ons bedank graag die gemeenskap vir hulle ondersteuning tydens die blikskud-fondinsameling.







## SUPERSKOLESPORT-PROGRAM

Diegene wat op 18 Februarie om 17:30 op Kyknet (DSTV Kanaal 144) ingeskakel het om na die Super Skolesport-program te kyk, sou teen die agtergrondsmuur die groen en geel van 'n Ben Viljoen-frokkie lag-lag tussen die ander foto's herken het. Jaco van der Westhuyzen, ons eie Bosveld-Blits, het reeds sy merk op die atletiekbaan gemaak en ons sien uit na watse tye hierdie kranige atleet tydens vanjaar se atletiekseisoen gaan oplewer!


ONS WERK - ONS EER
parkrun
LOSKOP GYMNASIUM
PARKRUN
EVERY SATURDAY
AT 07:00
@ LOSKOP GYMNASIUM ON HOËRSKOOL BEN VILJOEN'S TERRAIN
1 VOORTREKKER STREET
Groblersdal
Be there at 06:45
Make sure to register and get your lifelong barcode
Visit: www.parkrun.co.za
No Code, No result.
Walkers and moms with prams
are welcome!
No pets allowed